


DIE REGVERDIGE REGTER KOM



**Nog net 'n kort, kort tydjie, en Hy wat kom, sal kom en
nie talm nie. - Hebreërs 10:37.**

INHOUD

Voorwoord	p. 3
1. Die laaste krisis	p. 4
2. Geroep om getuies te wees	p. 9
3. Verkry kennis deur God se Woord	p. 15
4. Krag vir die daaglikse lewe	p. 20
5. Samesyn met andere	p. 27
6. Wees Godvresend	p. 38
7. 'n Hoër belewenis	p. 44
8. Tot getrouheid geroep	p. 53
9. Getrou aan ons sendingopdrag	p. 58
10. Laat julle hart nie ontstel word nie	p. 63
11. Priscilla en Aquila	p. 64
12. Soldate vir Christus	p. 65
13. Die erfenis van die heiliges	p. 66

DIE REGVERDIGE REGTER KOM

Voorwoord

Die Here begeer om te sien dat die werk in die verkondiging van die eerste, tweede en derde engele se boodskappe met toenemende effektiwiteit vooruitgaan. (Openb. 14:6-12.) Soos Hy dwarsdeur die eeue gewerk het om oorwinnings aan Sy volk te gee, so verlang Hy in hierdie tyd om Sy doel vir Sy kerk tot 'n triomfantlike vervulling te bring. Hy beveel Sy belydende gelowiges om verenig vorentoe te gaan, om van krag tot groter krag te gaan, van geloof tot verhoogde sekerheid en vertroue in die waarheid en geregtigheid [reg doen] van Sy saak.

Ons moet rotsvas op die beginsels van die Woord van God staan en onthou dat God met ons is om ons krag te gee om elke nuwe ervaring die hoof te bied. Laat ons altyd in ons lewens die beginsel van geregtigheid [reg doen] volhou, sodat ons van krag tot krag in die Naam van die Here kan vooruitgaan. Ons moet die baie kosbare werk wat die Here deur Sy gebooe-onderhoudende volk laat vooruitgaan het, koester. Hierdie werk, deur die krag van die Heilige Gees, sal sterker en effektiwer groei soos die tyd verloop. Die vyand sal probeer om die onderskeiding van God se volk te verduister en om hulle effektiwiteit te verswak, maar as hulle sal arbei soos die Gees van God lei, sal Hy deure van geleentheid voor hulle oopmaak om die ou vervalle plekke weer op te bou. Hulle sal konstante groei ervaar, totdat die Here van die hemel met krag en groot heerlikheid neerdaal om Sy seël van finale oorwinning op Sy getroues te plaas.

Ons het niks te vrees vir die toekoms nie, behalwe as ons die weg waarlangs die Here ons gelei het en Sy lering in ons verlede vergeet. - Ellen White, *Testimonies for the Church*, vol. 9, pp. 9-10.

Saamgestel en vertaal deur: dr. *Hans Koen*.

1. DIE LAASTE KRISIS



Ons leef in die tyd van die einde. Die vinnig-vervullende tekens van die tye verklaar dat die koms van Christus op hande is. Die tye waarin ons leef, is ernstig en belangrik. Die Gees van God word geleidelik, maar verseker aan die aarde onttrek. Plae en oordele val alreeds op die veragters van die genade van God. Die rampe op land en ter see, die deurmekaar toestand van die samelewing en die waarskuwings van oorloë is veel betekenend. Hulle voorspel naderende gebeure van die grootste omvang.

Die bose magte is besig om hulle kragte te kombineer en te konsolideer. Hulle versterk hulself vir die laaste, groot krisis. Groot veranderinge gaan binnekort in ons wêreld plaasvind en die finale bewegings en ontwikkelings sal vinnig wees.

Die toestand van dinge in die wêreld toon dat moeilike tye voor die deur is. Die dagblaai is vol aanduidings van 'n verskriklike konflik in die nabye toekoms. Gewaagde rooftogte is 'n daaglikse gebeurtenis. Stakings is algemeen. Diefstal en moorde word aan alle kante gepleeg. Duiwelbesete mense neem die lewens van mans, vrouens en kinders. Mense is deur verdorwenheid beetgepak en elke moontlike soort boosheid heers.

Die vyand het daarin geslaag om geregtigheid te verdorwe en deur mense se harte met die begeerte vir selfsugtige gewin te vul.

Die reg het van die toneel verdwyn, die geregtigheid is ver van ons af, want die waarheid struikel waar daar reg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie. - Jes. 59:14. In die groot stede is menigtes wat in armoede en ellende leef, bykans sonder kos, huisvesting en klere, terwyl daar in dieselfde stede diegene is wat meer het as wat hulle harte begeer, wat weelderig lewe, wat hulle geld op weelderig gemeubileerde huise spandeer, op persoonlike versiering, en nog erger, op die bevrediging van vleeslike aptyte, op drank, tabak en ander dinge wat die vermoëns van die brein vernietig, die verstand verdorwe en die siel verdierlik. Die geroep van 'n sterwende mensdom het die ore van God bereik, terwyl daar deur elke soort van onderdrukking en winsbejag mense kolossale fortuine opgaar.

Die Skrifte beskryf die toestand van die wêreld net voor Christus se wederkoms. Van die mense wat deur korrupsie en winsbejag groot rykdomme opgaar, is daar geskryf: *Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae. Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het gekom tot in die ore van die Here van die leërskaar. Julle het op die aarde 'n weelderige en losbandige lewe gelei; julle het jul harte vet gevoer soos op 'n slagdag. Veroordeel, vermoor het julle die regverdige; hy versit hom nie teen julle nie.* - Jak. 5:3-6.

- Maar wie lees die waarskuwings wat deur die vinnig-vervullende tekens van die tye gegee word?
- Watter verandering word daar in hulle gesindheid gesien? Niks meer as wat in die gesindheid van die bewoners van die aarde in Noag se tyd gesien was nie. Vasgevang in wêreldse sake en plesier het die toenmalige mense **nie besef wat aan die gang was nie, totdat die sondvloed gekom en hulle almal weggesleur het.** - Matt. 24:39. Hulle het hemelsgestuurde waarskuwings gehad, maar

hulle het geweier om te luister. En vandag haas die wêreld, totaal traak-my-nieagtig ten opsigte van die waarskuwende stem van God, voort na ewige vernietiging.

Die wêreld is in 'n gees van onverdraagsaamheid vasgevang. Die profesie van die elfde hoofstuk van Daniël het byna sy volledige vervulling bereik. Binnekort sal die tonele van moeite en swaarkry, in die profesieë vermeld, plaasvind.

Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig, sy voorkoms verander en sy inwoners verstrooi. want die aarde is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here, hulle het Sy voorskrifte geminag, Sy vaste verbond verbreek; daarom sal 'n vloek die aarde verteer en al sy inwoners boet vir hulle sonde; daarom sal die inwoners van die aarde verbrand word, en daar sal min mense oorbly. ... Die tamboeryne sal nie meer gehoor word nie, daar sal nie meer 'n oeslied wees nie, die lier sal nie meer gehoor word nie. - Jes. 24:1-8.

Die vreeslike dag! Die dag van die Here is naby: dit is 'n dag van verwoesting, dit kom van die Almagtige af. - Joël 1:15.

O die krampe in my ingewande, o die benoudheid in my hart! My hart bons wild, ek kan dit nie tot bedaring bring nie, want ek het die geluid van die ramshoring gehoor en die oorlogskrete! Die val van die een stad na die ander word uitgeskreu, die hele land is verwoes.- Jer. 4:19-20.

Daar wag ellende! Dit is 'n vreeslike dag, sonder gelyke. Dit is 'n tyd van swaarkry vir Jakob, maar hy sal daaruit gered word. - Jer. 30:7.

Nie almal in hierdie wêreld het kant gekies met die vyand teen God nie. Nie almal het dislojaal geword nie. Daar is 'n klompie wat aan God getrou is, want Johannes skryf: **Hier is hulle wat die gebooe van God en die geloof van [en in] Jesus bewaar.** - Openb. 14:12, Binnekort sal die stryd hewig gevoer word tussen diegene wat God dien en diegene wat Hom nie dien nie.

Binnekort sal alles wat geskud kan word geskud word, sodat daardie dinge wat nie geskud kan word nie, sal oorbly.

Satan is 'n ywerige Bybelstudent. Hy weet dat sy tyd min is en hy probeer op elke moontlike manier om die werk van die Here op hierdie aarde teen te werk. Dit is onmoontlik om enige idee te gee van die ervaring van die volk van God wat lewend op die aarde sal wees wanneer die hemelse heerlijkheid en 'n herhaling van die vervolgings van die verlede vermeng word. Hulle sal in die lig wandel wat van God se troon straal. Deur middel van engele sal daar konstante kommunikasie tussen hemel en aarde wees. En Satan, deur bese engele omring, en wat aanspraak maak dat hy God is, sal allerhande soorte wonders doen, om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei. God se volk sal nie hulle veiligheid in die doen van wonders vind nie, want Satan sal die wonders wat bewerkstellig word, naboots. God se beproefde volk sal hulle krag in die teken vind wat in Exodus 31:12-18 vermeld word:

Verder het die Here met Moses gespreek en gesê:

Spreek jý met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my Sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen my en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig.

Onderhou dan die Sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit.

Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die Here. Elkeen wat op die Sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.

En die kinders van Israel moet die Sabbat onderhou deur die Sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

Tussen My en die kinders van Israel is dit verewig 'n teken; want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, maar om die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.

En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God. - Exodus 31:12-18.

Hulle sal op die lewende woord, **Daar staan geskrywe**, moet staan. Hierdie is die enigste vaste fondament waarop hulle veilig kan staan. Diegene wat hulle verbond met God verbreek het, sal in daardie dag sonder God en sonder hoop wees.

God se aanbidders sal in die besonder deur hulle eerbied vir die vierde gebod onderskei word, omdat dit die teken van God se skeppende krag en die getuienis van Sy aanspraak op die mense se ontsag en eerbetoen is. Die goddeloses sal onderskei word deur hulle pogings om God se gedenkteken [die Sabbat, Saterdag] omver te werp en die instelling van Rome [die vervalste Sabbat, Sondag] te verheerlik.

In die kwessie rondom hierdie konflik, sal die hele Christendom in twee groot kampe verdeel word: Diegene wat die gebooe van God en die geloof van en in Jesus onderhou en diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy merk ontvang. Alhoewel kerk en staat hulle kragte sal verenig om - **almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe** te verplig om die merk van die dier te ontvang, sal die volk van God dit nogtans nie ontvang nie. - Openb. 13:16. Die profeet van Patmos sien die **oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam by die see van glas met die siters van God en hulle sing die lied van Moses en die Lam.** - Openb. 15:2-3.

Verskriklike beproewinge wag op die volk van God. Die gees van onverdraagsaamheid is besig om van die nasies van een einde van die aarde tot die volgende besit te neem. Maar midde-in die tyd van benoudheid wat aan die kom is - 'n tyd van benoudheid soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan (Dan. 12:1) - sal God se volk onbeweegbaar staan. Satan en sy leer kan hulle nie vernietig nie, want engele wat in sterkte oortref, sal hulle beskerm. Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 9, pp. 11-17.

2. GEROEP OM GETUIES TÊ WEES



Die eindtyd volk van God is in die wêreld as wagters en ligdraers geplaas. Aan hulle is die laaste waarskuwing aan 'n verlore gaande wêreld toevertrou. Op hulle skyn wonderlike lig van die Woord van God. Aan hulle is 'n werk van die grootste belangrikheid gegee - die verkondiging van die eerste, tweede en derde engel se boodskappe. Daar is geen ander belangriker en gewigtiger opdrag nie. Hulle moet niks anders toelaat om hulle aandag in beslag te neem nie.

Die ernstigste en plegtigste waarhede wat ooit aan sterweling toevertrou is, is aan God se eindtyd volk gegee om aan die wêreld te verkondig. Die wêreld moet gewaarsku word en God se volk moet getrou wees aan die toevertroude pand wat aan hulle toegewys is.

Christus sê aan Sy volk: **Julle is die lig van die wêreld.** - Matt. 5:14. Dit is geen geringe saak dat die raadsbesluite en planne van God so duidelik aan ons geopenbaar is nie. Dit is 'n wonderlike voorreg om die wil van God, wat in die vaste woord van profesie geopenbaar is, te verstaan. Dit plaas op ons 'n groot verantwoordelikheid. God verwag van ons om die kennis wat Hy ons

gegee het aan andere mee te deel. Dit is Sy doel dat Goddelike en menslike middele sal verenig in die verkondiging van die waarskuwende boodskap.

So ver as elkeen se geleenthede strek, het elkeen wat die lig van waarheid ontvang het dieselfde verantwoordelikheid as die profeet van Israel: **En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit My mond hoor, moet jy hulle van My kant waarsku.** - Esegïel 33:7.

- Moet ons wag tot die vervulling van die eindtyd profesieë voor ons enigiets daaromtrent sê?
- Van watter nut sal ons woorde dan wees?
- Sal ons wag totdat God se oordele op die oortreders val voordat ons vir hulle sê hoe om hulle te vermy?
- Waar is ons geloof in die Woord van God?
- Moet ons sien dat dinge wat voorspel is gebeur, voordat ons sal glo wat Hy gesê het?
- In helder, onmiskenbare strale het die lig na ons gekom wat toon dat die groot dag van die Here naby is, "selfs voor die deur." Laat ons lees en verstaan voordat dit te laat is.

Ons moet die toegewyde kanale wees waardeur die hemelse lewe na andere vloei. Die Heilige Gees moet die hele kerk besiel en deurtrek; harte reinig en stewig verenig. Diegene wat met Christus in die doop begrawe is, moet tot die nuutheid van lewe opstaan en 'n lewende voorstelling van die lewe van Christus gee. Daar rus 'n heilige taak op ons. Die opdrag was aan ons gegee: **Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.** - Matt. 28:19,20. Julle is toegewy tot die werk om die evangelie van verlossing bekend te maak. Die hemel se volmaaktheid sal julle krag wees.

‘n Heilige lewe

Dit is nie slegs deur die prediking van die waarheid, nie slegs deur die verspreiding van leesstof, dat ons vir Christus kan getuig nie. Laat ons onthou dat 'n Christelike lewe die kragtigste argument is ten gunste van die vooruitgang van die Christelike godsdiens en dat 'n goedkoop Christelike karakter meer skade in die wêreld doen as die karakter van 'n wêreldling. Al die geskrewe boeke kan nie die doel van 'n heilige lewe dien nie. Mense sal glo, nie wat die leraar preek nie, maar wat die kerk leef. Te dikwels word die invloed van die preek vanaf die kansel teengewerk deur die boodskap wat verkondig word in die lewens van hulle wat beweer dat hulle kampvegters vir die waarheid is.

Dit is die doel van God om Homself in Sy volk voor die wêreld te verheerlik. Hy verwag van diegene wat die Naam van Christus dra om Hom in gedagte, woord en handeling te verteenwoordig. Hulle gedagtes moet rein wees en hulle woorde edel en verheffend wat diegene rondom hulle nader aan die Verlosser trek. Die godsdiens van Christus moet met alles wat hulle sê en doen verweef wees.

Sonde is afstootlik. Dit skend die morele reinheid van 'n groot aantal mense. Dit het ons wêreld binne gekom en bykans die morele beeld van God in die mens uitgewis. Maar in Sy groot liefde het God 'n uitweg voorsien waardeur die mens die posisie waarvandaan hy geval het, deur aan die verleier toe te gee, kan herwin. Christus het gekom deur aan die hoof van die mensdom te staan om in ons, ter wille van onself, 'n volmaakte karakter te bewerkstellig. Hulle wat Hom aanneem, is wedergebore.

Die lewe wat Christus in hierdie wêreld geleef het, kan manne en vroue leef deur Sy krag en onder Sy lering. In hulle konflik met Satan kan hulle al die hulp verkry wat Hy gehad het. Hulle kan meer as oorwinnaars wees deur Hom wat hulle liefhet en Homself vir hulle gegee het.

Die lewens van belydende Christene, wat nie die Christelike lewe leef nie, is 'n bespotting vir die godsdien. Elkeen wie se naam in die lidmaatskap=register geskryf is, is onder 'n verpligting om Christus te verteenwoordig deur die innerlike versiering van 'n sagmoedige en stille gees te openbaar. Hulle moet Sy getuies wees deur die voordele bekend te maak om te wandel en te werk soos Christus vir hulle die voorbeeld gestel het. Die waarheid vir die tye waarin ons leef, moet met krag verskyn in die lewens van diegene wat dit glo en moet aan die wêreld meegedeel word. Gelowiges moet in hulle lewens die krag van die waarheid om te heilig en te veredel uitbeeld.

Christus se Verteenwoordigers

Die bewoners van die hemelse heelal verwag van die volgelinge van Christus om as ligte in die wêreld te skyn. Hulle moet die krag van die genade van God vertoon. God verwag van diegene wat bely dat hulle Christene is om in hulle lewens die hoogste ontwikkeling van die Christelike godsdien te openbaar. Hulle is erkende verteenwoordigers van Christus en hulle moet toon dat die Christelike godsdien 'n werklikheid is. Hulle moet mense van geloof wees, mense van moed, wat, sonder twyfel, in God en Sy beloftes vertrou.

Almal wat die stad van God sal binnegaan, moet gedurende hulle aardse lewe Christus in hulle handeling tentoonstel. Dit is dit wat hulle die boodskappers van God maak, Sy getuies. Hulle moet 'n duidelike, besliste getuienis teen alle bose praktyke tentoonstel en sondaars na die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem, lei. Hy gee aan almal wat Hom aanneem die krag om seuns en dogters van God te word. Wedergeboorte is die enigste weg waardeur ons die stad van God kan binnegaan. Dit is smal en die hek waardeur ons binnegaan is nou, maar daarlangs moet ons mans en vrouens en kinders lei en hulle onderrig dat, ten einde gered te kan word, hulle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees moet hê. Die ou oorgeërfde karaktertrekke moet oorwin word. Die ingebore begeertes van die siel moet verander word. Alle misleiding, alle verkeerde voorstellings, alle

kwaadsprekery moet afgelê word. Die nuwe lewe, wat manne en vroue soos Christus maak, moet geleef word.

Standvastige vasklewing aan die waarheid

Daar moet geen verwaandheid in die lewens van diegene, wat so 'n heilige en ernstige boodskap as wat ons geroepe is om te verkondig, wees nie. Die wêreld hou die volk van God dop, omdat hulle iets van ons belydenis van geloof weet en van ons hoë standaard. Wanneer hulle dan diegene sien wat nie leef volgens hulle belydenis nie, word daar met minagting na hulle verwys.

Diegene wat Jesus liefhet, sal alles in hulle lewens in harmonie met Sy wil bring. Hulle het gekies om aan die Here se kant te wees en hulle lewens moet in skerp kontras met die lewens van wêreldlinge staan. Die verleier sal na hulle toe kom met sy verleidelikheid en omkoopgeskenke en sê: "Dit alles sal ek vir jou gee as jy my aanbid." Maar hulle weet dat hy niks van waarde het om te gee nie en hulle weier om aan sy versoekings toe te gee. Deur die genade van God word hulle in staat gestel om hulle reinheid van beginsel onbesoedel te hou. Heilige engele is aan hulle sy en Christus word in hulle standvastige vaskleef aan die waarheid geopenbaar. Hulle is Christus se ambassadeurs wat as getroue getuies 'n besliste en bepaalde getuienis ten gunste van die waarheid verkondig. Hulle toon dat daar 'n geestelike krag is wat manne en vroue in staat kan stel om nie 'n sentimeter af te wyk van die waarheid en geregtigheid en regverdigheid vir al die geskenke wat mense kan gee nie. Diesulkes, waar hulle ook al mag wees, sal deur die hemel vereer word, omdat hulle lewens in ooreenstemming met die wil van God is en nie omgee watter opofferings hulle gevra word om te maak nie.

'n Wêreldwye Boodskap

Die lig wat God aan Sy volk gegee het, moet nie binne die kerke, wat alreeds die waarheid weet, toegesluit word nie. Dit moet in die wêreld versprei word. Diegene wat in die lig wandel soos Christus in die lig is, sal

met die Verlosser saamwerk om aan andere te openbaar wat Hy aan hulle geopenbaar het. Dit is God se doel dat die waarheid vir hierdie tyd aan alle nasies en stamme en tale en volkere bekend gemaak moet word. Daar is vandag mans en vrouens in die wêreld wat deur wêreldse gewin en wêreldse plesier vasgevang is. Daar is duisende der duisende wat geen tyd of gedagte aan die verlossing van die siel gee nie. Die tyd het aangebreek wanneer die boodskap van Christus se wederkoms dwarsdeur die wêreld moet weerklink.

Onmiskembare bewyse dui op die nabyheid van die einde. Die waarskuwing moet in 'n duidelike en helder klank gegee word. Die weg moet vir die koms van die Prins van Vrede in die wolke van die hemel voorberei word.

In sommige plekke is die boodskap rakende die onderhouding en viering van die Sabbat met helderheid en krag verkondig, terwyl daar op ander plekke sonder waarskuwing geleef word. Sal diegene wat die waarheid weet die verantwoordelikheid, wat op hulle rus, besef? My broeders en susters, julle kan nie juis in wêreldse belange begrawe nie. Julle kan nie bekostig om die opdrag wat die Verlosser julle gegee het te verwaarloos nie.

Alles in die heelal doen 'n beroep op diegene wat die waarheid weet om hulself onvoorwaardelik toe te wy aan die verkondiging van die waarheid soos dit in die derde engel se boodskap bekend gemaak is. Dit wat ons sien en hoor roep ons na ons plig. Die werking van sataniese magte roep elke Christen om in sy plekkie te staan.

Met ons vertroue in God moet ons kalm voortgaan, Sy opdrag [ons missie] met onselfsugtigheid en in nederige afhanklikheid van Hom doen. Ons moet onself en ons huidige en toekomst aan Sy wyse voorsiening toevertrou en die begin van ons vertroue tot die einde stewig vashou. Ons moet onthou dat dit nie as gevolg van ons verdienstelikheid is dat ons die seën van die hemel ontvang nie, maar as gevolg van die verdienstelikheid van Christus en ons aanvaarding, deur geloof in Hom, van God se oorvloedige genade. - 2. Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 9, pp. 19-29,

3. *VERKRY KENNIS DEUR GOD SE WOORD*



*D*ie hele Bybel is 'n openbaring van die heerlikheid van God in Christus. As mens dit ontvang, glo en gehoorsaam is, is dit die groot werktuig wat die karakter verander. Dit is die hoofstimulus, die beweegkrag wat die liggaamlike, verstandelike en geestelike kragte opwek en die lewe in die regte kanale stuur.

Die rede waarom die jongmense en selfs volwassenes so maklik in versoeking gelei word en sonde doen, is dat hulle die Woord van God nie bestudeer en oordink soos hulle dit behoort te doen nie. Die gebrek aan besliste wilskrag wat so dikwels in die lewe en die karakter gesien word, is die gevolg van die veronagsaming van die heilige lering van die Woord van God. Hulle span hulle nie in om die verstand aan dinge te wy wat rein, heilige gedagtes ingee en dit van die onreine en valse afwend nie. Daar is min wat die goeie deel kies wat soos Maria aan die voete van Jesus sit en van die Goddelike Leraar leer. Daar is min wat Sy woorde in hulle harte bewaar en daarvolgens leef.

As die waarhede van die Bybel aangeneem word, sal hulle die hart en die siel verhef. As die Woord van God gewaardeer was soos dit hoort, sou beide

oud en jonk 'n innerlike opregtheid en beginselvastheid besit, wat hulle in staat sou stel om versoekings te weerstaan.

Laat mense die kosbare dinge van die Heilige Skrifte leer en skryf. Laat die gedagtes, die bekwaamheid en die inspanning van die breinkrag aan 'n studie van die gedagtes van God gewy word. Moenie die gissings van 'n mens se lewensbeskouing bestudeer nie, maar bestudeer die lewensbeskouing van Hom wat die waarheid is. Geen ander lektuur het hierdie waarde nie.

Die aardsgesinde gemoed skep geen behae in die oordenking van die Woord van God nie; maar vir die gemoed wat deur die Heilige Gees vernuwe is, sal Goddelike skoonheid en hemelse lig uit die heilige bladsye skyn. Wat vir die aardsgesinde gemoed 'n woeste wildernis is, word vir die geestelike gemoed 'n land van lewende strome.

Die kennis van God soos in Sy Woord geopenbaar, is die kennis wat ons aan ons kinders moet meedeel. Vandat hulle hul verstand begin kry, moet hulle kennis van die Naam en die lewe van Jesus opdoen. Hulle eerste lesse behoort hulle te leer dat God hulle Vader is. Hulle moet heel eerste geleer word om uit liefde gehoorsaam te wees. Gedeeltes van God se Woord, wat vir hulle verstaanbaar kan wees en aangepas kan word om hulle belangstelling op te wek, moet vir hulle voorgelees en opgesê word. Leer hulle bo alles van Sy liefde soos dit in Christus geopenbaar is en die groot les daarvan: **As God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê.** – 1 Joh. 4:11.

Laat die jongmense die Woord van God voedsel maak vir verstand en siel. Maak die kruis van Christus die wetenskap van alle opvoeding, die middelpunt van alle onderwys en studie. Laat dit elke dag prakties uitgeleef word. So sal die Heiland vir die jeug 'n daaglikse metgesel en vriend word. Elke gedagte sal aan gehoorsaamheid aan Christus onderwerp word. Hulle sal soos die apostel Paulus kan sê: **Mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.** – Gal. 6:14. So leer hulle God deur die geloof en

deur 'n proefondervindelijke kennis ken. Hulle het 'n eie kennis van die werklikheid van Sy Woord, die waarheid van Sy beloftes. Hulle het geproe en weet dat die Here goed is (vgl. Ps. 34:9).

Die geliefde Johannes het 'n kennis gehad wat hy uit eie ondervinding opgedoen het. Hy kon getuig: *Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe - en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is - wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.* - Joh. 1:1-3.

So kan elkeen deur eie ondervinding **sy seël daarop druk dat God waaragtig is.** - Joh. 3:33. Hy kan getuig van wat hy self van die krag van Christus gesien en gehoor en ervaar het. Hy kan getuig: "Ek het hulp nodig gehad en ek het dit in Jesus gevind. Daar is in al my behoeftes voorsien; die honger van my siel is gestil, die Bybel is vir my die openbaring van Christus. Ek glo in Christus, omdat Hy vir my 'n Goddelike Verlosser is. Ek glo die Bybel, omdat ek gevind het dat dit die stem van God tot my siel is."

Hy wat deur eie ondervinding 'n kennis van God en Sy Woord verkry het, is gereed vir 'n studie van die natuurwetenskap. Van Christus staan daar geskryf: **In Hom was lewe en die lewe was die lig van die mense.** - Joh. 1:4. Voor die koms van die sonde was Adam en Eva in Eden van 'n pragtige helder lig, die lig van God, omring. Daardie lig het alles verlig wat hulle genader het. Daar was niks om hulle besef van die karakter of die werke van God te belemmer nie. Maar toe hulle aan die versoeker toegegee het, het die lig van hulle gewyk. Toe hulle die kleed van heiligheid verloor het, het hulle die lig verloor wat die natuur verlig het. Hulle kon dit nie meer reg lees nie. Hulle kon die karakter van God nie meer in Sy werke sien nie. So kan die mens vandag ook nie op sy eie die lering van die natuur reg lees nie. Tensy hy deur Goddelike wysheid gelei word, verhef hy die natuur en die wette van die natuur bo God. Dit is om hierdie rede dat die blote

menslike idees van die wetenskap so dikwels die lering van God se Woord weerspreek. Maar vir diegene wat die lig van die lewe van Christus ontvang, word die natuur weer verlig. In die lig wat van die Kruis skyn, kan ons die lering van die natuur reg vertolk.

Hy wat uit eie ondervinding 'n kennis van God en Sy Woord verkry het, het 'n gevestigde geloof in die Goddelike oorsprong van die Heilige Skrifte. Hy het bewys dat God se Woord die waarheid is en hy weet dat die waarheid homself nooit sal weerspreek nie. Hy toets die Bybel nie aan menslike idees oor die wetenskap nie, maar hy toets daardie idees aan die onfeilbare maatstaf. Hy weet dat daar in die ware wetenskap niks teenstrydig is met die lering van die Woord nie; aangesien albei dieselfde Oorsprong het, sal 'n regte begrip van albei toon dat hulle ooreenstem. Wat daar ook al in die sogenaamde wetenskaplike leer, die getuienis van God se Woord weerspreek, is blote menslike gissinge.

Vir so 'n student sal wetenskaplike navorsing groot velde van nadenke en aandag en inligting oopstel. Waar hy oor die dinge van die natuur peins, kry hy 'n nuwe begrip van die waarheid. Die boek van die natuur en die geskrewe Woord werp lig op mekaar. Albei gee hom 'n beter kennis van God, deur hom van Sy karakter en die wette waardeur Hy werk te leer.

Almal kan dieselfde ondervinding hê as die psalmdigter deur die openbaring van God in die natuur en in Sy Woord te aanvaar.

Duideliker openbarings van God

Dit is ons voorreg om hoër en steeds hoër te reik, sodat ons duideliker openbarings van die karakter van God kan kry. Toe Moses gebid het: **Laat my tog u heerlijkheid sien**, het die Here hom nie bestraf nie, maar sy versoek toegestaan. Die Here het aan Sy dienaar gesê: **Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die Here uitroep.** - Exodus 33:18,19.

Dit is sonde wat ons verstand verduister en ons begrip afstomp. Namate die sonde uit ons harte gereinig word, sal die lig van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus, wat Sy Woord verlig en van die aangesig van die natuur weerkaats word, Hom, die **barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou**, al vollediger aan ons verklaar (vgl. Exodus 34:6).

In Sy lig sal ons die lig sien, totdat verstand en hart en siel na die beeld van Sy heiligheid verander is. Vir diegene wat so die Goddelike versekering van God se Woord aanneem, is daar wonderlike moontlikhede. Voor hulle strek groot velde van waarheid en groot bronne van krag. Heerlike dinge sal geopenbaar word. Voorregte en pligte wat hulle nooit verwag het om in die Bybel te vind nie, sal geopenbaar word. Almal wat in die pad van nederige gehoorsaamheid wandel en Sy wil doen, sal al meer en meer van die wysheid van God verkry.

As die student die Bybel as sy gids neem en onwrikbaar vasstaan vir beginsel kan hy tot die hoogste prestasies in staat wees. Alle lewensbeskouings van die menslike natuur het tot verwarring en skande gelei wanneer God nie as alles in alles erken is nie. Maar die kosbare geloof wat deur God ingegee word, gee krag en adel aan die karakter. Namate daar oor Sy goedheid, Sy genade en Sy liefde gepeins word, sal die begrip van die waarheid al helderder word en die begeerte vir reinheid van hart en helderheid van gedagte sal steeds hoër en heiliger word. Die siel wat in die rein atmosfeer van heilige gedagtes woon, word verander deur omgang met God en die studie van Sy Woord. Die waarheid is so groot, so verreikend, so diep en so breed, dat die eie-ek heeltemal uit die oog verloor word. Die hart word tot ootmoed, vriendelikheid en liefde versag en onderwerp.

En die natuurlike vermoëns word as gevolg van heilige gehoorsaamheid vermeerder. Na die studie van die Woord van die lewe, kan die studente daar uitkom met die verstand verruim, verhef en veredel. As hulle soos Daniël hoorders en daders van die Woord van God is, kan hulle ook soos hy in alle vertakkinge van die geleerdheid opgang maak. Omdat hulle rein van

hart is, sal hulle ook wilskragtig word. Al hulle verstandelike vermoëns sal aangevuur word. Hulle kan hulle so opvoed en dissiplineer, dat almal binne hulle invloed sfeer sal sien wat 'n mens kan wees en wat hy kan doen wanneer hy met die God van wysheid en krag verbind is.

3. Ellen White: *Die Helende Hand*, pp. 329-334.

4. *KRAG VIR DIE DAAGLIKSE LEWE*



Daar is 'n welsprekendheid wat veel kragtiger is as die welsprekendheid van woorde in die stil, konsekwente lewe van 'n rein en opregte Christen. Wat 'n mens is, het meer invloed as wat hy sê.

Die amptenare wat na Jesus toe gestuur was, het teruggekom met die getuigenis dat geen mens ooit gespreek het soos Hy gespreek het nie. Maar die rede daarvoor was dat geen mens ooit geleef het soos Hy geleef het nie. As Sy lewe anders was as wat dit wel was, sou Hy nooit kon gespreek het soos Hy wel gespreek het nie. Daar was oortuigende krag in Sy woorde,

omdat hulle uit 'n rein en heilige hart, wat vol liefde en medelyde en goedheid en waarheid was, gekom het.

Dit is ons eie karakter en ondervinding wat ons invloed onder ander bepaal. Om ander van die krag van Christus se genade te oortuig moet ons dit in ons eie harte en lewens ken. Die evangelie wat ons vir die redding van siele aanbied, moet die evangelie wees waardeur ons eie siele gered is. Alleenlik deur 'n lewende geloof in Christus as 'n persoonlike Verlosser, is dit moontlik om ons invloed in 'n skeptiese wêreld te laat geld. As ons sondaars uit die vinnig-vloeiende stroom wil red, moet ons eie voete onbeweeglik op die Rots, Jesus Christus, staan. Die kenteken van die Christelike geloof is nie 'n uiterlike teken nie, nie die dra van 'n kruis of 'n kroon nie, maar dit is iets wat die verbinding van die mens met God openbaar. Deur die krag van Sy genade, soos dit in die verandering van die karakter geopenbaar word, moet die wêreld oortuig word dat God Sy Seun as Sy Verlosser gestuur het. Geen ander invloed wat die mens se siel kan omring, het soveel krag as die invloed van 'n onselfsugtige lewe nie. Die sterkste invloed ten gunste van die evangelie is 'n liefdevolle en dierbare Christen.

Die dissipline van beproewing

Om so 'n lewe te lei, om so 'n invloed uit te oefen verg by elke stap inspanning, selfverloëning en dissipline. Dit is omdat hulle dit nie verstaan nie, dat baie so maklik in die Christelike lewe moedeloos word. Baie wat hulle lewens in alle opregtheid aan die diens van God toewy, is verbaas en teleurgesteld wanneer hulle, soos nooit voorheen nie, voor baie struikelblokke te staan kom en met beproewings en verleentheid te kampe kry. Hulle bid om 'n Christelike karakter, om geskiktheid vir die Here se werk en dan bevind hulle hul in omstandighede wat skynbaar al die sondigheid van hulle natuur uitlok. Foute waarvan hulle die bestaan nooit vermoed het nie, word geopenbaar.

Dit is omdat God hulle lei dat hierdie dinge oor hulle kom. Beproewings en struikelblokke is God se gekose metodes van dissipline en Sy aangewese

voorwaardes vir sukses. Hy wat die harte van mense kan lees, ken hulle karakters beter as hulle self. Hy sien dat sommige vermoëns en bekwaamhede het, wat, as dit reg gelei word, vir die bevordering van Sy koninkryk gebruik kan word. In Sy voorsienigheid bring Hy hierdie mense in verskillende toestande en verskeie omstandighede, sodat hulle in hul karakters die gebreke kan ontdek waarvan hulle nie geweet het nie. Hy gee aan hulle die geleentheid om hierdie gebreke reg te stel en hulle vir Sy diens toe te rus. Dikwels laat Hy toe dat die vlamme van pyn en leed hulle oorval, sodat hulle gereinig kan word.

Die feit dat ons geroepe is om beproewing te verduur toon dat die Here Jesus in ons iets kosbaars sien wat Hy graag wil ontwikkel. As Hy niks sien waardeur Hy Sy Naam kan verheerlik nie, sou Hy nie tyd verkwis om ons te louter nie. Hy sit nie waardelose klippe in Sy oond nie. Dit is waardevolle erts wat Hy louter. Die smid sit die yster en die staal in die vuur, sodat hy hulle gehalte kan vasstel. Die Here laat toe dat Sy uitverkorenes in die beproewingsvuur kom om vas te stel van watter aard hulle is en of hulle vir Sy werk gevorm kan word.

Die pottebakker neem die klei en vorm dit soos hy wil. Hy knie dit en brei dit. Hy breek dit los en druk dit weer saam. Hy maak dit nat en hy droog dit uit. Hy laat dit 'n ruk lê sonder om daaraan te raak. Wanneer dit heeltemal plooibaar is, sit hy sy werk voort en maak daar 'n kruik van. Hy gee daar fatsoen aan en op die wiel werk hy dit fyn en blink af. Hy droog dit in die son en bak dit in die oond. So word dit dan 'n bruikbare kruik. So wil die groot Meesterpottebakker ons ook maak en vorm. Net soos die klei in die hand van die pottebakker is, so moet ons ook in Sy hande wees. Ons moet nie probeer om die werk van die pottebakker te doen nie. Ons aandeel is om ons oor te gee om deur die Meesterpottebakker gevorm te word.

Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly

wees, sodat julle ook by die openbaring van sy heerlijkheid met blydskap kan jubel. - 1 Pet. 4:12,13.

In die volle daglig en solank hy die musiek van ander stemme hoor, sal die kouvoëltjie nie die lied sing wat sy meester hom graag wil leer nie. Hy leer 'n stukkjie hiervan en 'n brokkie daarvan, maar nooit die volledige melodie nie. Maar die meester bedek sy kou en sit dit waar die voël net na die een melodie kan luister wat hy moet leer sing. In die donker probeer hy keer op keer om die melodie te sing totdat hy dit geleer het en dan sing hy dit volmaak. Daarna word die voëltjie weer te voorskyn gehaal en voortaan kan hy daardie wysie altyd in die lig sing. So handel God ook met Sy kinders. Hy het 'n lied wat Hy ons wil leer en wanneer ons dit in die skaduwees van beproewing geleer het, sal ons dit altyd kan sing.

Baie is ontevrede met hulle lewenstaak. Dit kan wees dat hulle omgewing nie geskik is nie; hulle tyd word deur oninteressante werk in beslag geneem, terwyl hulle meen dat hulle in staat is om groter verantwoordelikhede te dra; dikwels voel hulle dat hulle pogings nie gewaardeer word nie, of vrugteloos is; hulle toekoms is onseker.

Laat ons onthou dat, alhoewel die werk wat ons moet doen miskien nie ons keuse is nie, ons dit moet aanvaar as God se keuse vir ons. Of dit nou aangenaam of onaangenaam is, ons moet die plig wat die naaste aan ons is, doen. **Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie.** - Pred. 9:10.

As die Here wil hê dat ons 'n boodskap na Nineve moet neem, dan sal dit Hom nie behaag as ons na Joppe of Kapérnaüm gaan nie. Hy het goeie rede waarom Hy ons na die plek stuur waarheen Hy ons voete gerig het. Dit is miskien juis op daardie plek waar iemand behoefte het aan die hulp wat ons kan gee. Hy wat Filippus na die kamerling gestuur het, Petrus na die Romeinse hoofman en die Israelitiese meisie om Naäman, die Siriër, te help

stuur manne en vroue en jongmense vandag as Sy verteenwoordigers na diegene wat behoefte het aan Goddelike hulp en leiding.

God se planne is die beste

Ons planne is nie altyd God se planne nie. Hy sien dalk dat dit die beste vir ons en vir Sy saak is om ons goed bedoelde planne te verwerp soos Hy in die geval van Dawid gedoen het. Maar van een ding kan ons seker wees, naamlik, dat Hy diegene sal seën en in Sy saak sal gebruik wat hulle en alles wat hulle het aan Sy saak en tot Sy heerlikheid toewy. As Hy dit goeddink om hulle nie hul sin te gee nie, sal Hy die weiering vergoed met blyke van Sy liefde en deur ander werk aan hulle te gee.

In Sy sorg vir en belangstelling in ons, sal Hy, wat ons beter verstaan as wat ons onself verstaan, dikwels weier om toe te laat dat ons op selfsugtige wyse ons eie eersugtigheid bevredig. Hy laat ons nie toe om die oninteressante, dog heilige pligte wat die naaste aan ons is, oor die hoof te sien nie. Heel dikwels is dit juis hierdie pligte wat ons daardie nodige leiding sal gee, wat ons vir hoër werk sal toerus. Dikwels misluk ons planne, sodat God se planne uitgevoer kan word.

God vra ons om baie dinge aan Hom oor te gee, maar wanneer ons dit doen, gee ons net die dinge prys wat ons op die weg na die hemel sal hinder. Selfs wanneer ons gevra word om dinge prys te gee wat op sigself goed is, kan ons seker wees dat God vir ons iets beters beskik.

In die lewe hiernamaals, sal die verborgenhede wat ons hier gehinder en teleurgestel het, opgeklar word. Dan sal ons sien dat ons skynbaar onverhoorde gebede en verydelde hoop werklik onder ons grootste seëninge tel.

Ons moet elke plig, hoe nederig ook, as heilig beskou, omdat dit 'n deel van die diens van God is. Ons daaglikse gebed behoort te wees: "Here, help my om my beste te gee. Leer my hoe om 'n effektiewer dienskneg te wees.

Skenk my krag en 'n opgeruimde gees. Help my om die liefdevolle bediening van die Heiland in my diens in te bring."

God sal voorsien

Vele wat voorgee dat hulle Christus se volgeling is, het 'n hart vol kwellings en bekommernisse, omdat hulle bang is om hulle aan God toe te vertrou. Hulle gee hulle nie volkome aan Hom oor nie, want hulle deins terug vir die moontlike gevolge van so 'n oorgawe. Tensy hulle hierdie oorgawe doen, kan hulle nie vrede vind nie.

Daar is vele wat met seer harte gebuk gaan onder 'n las van sorg, omdat hulle die wêreld se standaard nastreef. Hulle het sy diens gekies, sy sorg aanvaar en sy gewoontes aangeneem. So word hulle karakter geskend en hulle lewe 'n las. Die gedurige kwelling put hulle lewenskragte uit. Die Here wil hê dat julle hierdie juk van slawerny moet afgooi. Hy sê: **My juk is sag, en my las is lig.** - Matt. 11:30. Kwelling is blind en kan nie die toekoms sien nie; maar Christus sien die einde van die begin af. In elke moeilikheid het Hy 'n manier om verligting te bring. **Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie.** - Matt. 11:30; Ps. 84:11.

Ons hemelse Vader het 'n duisend maniere waarvan ons niks weet nie om vir ons te voorsien. Diegene wat die een beginsel aanvaar om die diens van God bo alles te stel, sal vind dat hulle kwellings verdwyn en die pad voor hulle voete gelyk word.

Die getroue vervulling van vandag se pligte is die beste voorbereiding vir die beproewings van môre. Moenie al môre se moeilikhede en sorg bymekaarmaak en by vandag se laste voeg nie. **Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad.** - Matt. 6:34.

Laat ons hoopvol en moedig wees. Neerslagtigheid in die diens van God is sondig en onredelik. Hy ken al ons behoeftes. Met die almag van die Koning van die konings, verbind ons Verbondsgod die sagtheid en sorgsaamheid van

'n tedere Herder. Hy is almagtig en dit is die pand dat Hy sekerlik al Sy beloftes sal vervul aan diegene wat op hom vertrou. Hy het die middele vir die verwydering van elke moeilikheid, sodat diegene versterk kan word wat Hom dien en die middele wat hy gebruik, respekteer. Sy liefde oortref alle ander liefde sover as wat die hemele bokant die aarde is. Hy waak oor Sy kinders met 'n liefde wat grensloos en ewigdurend is.

In die donkerste dae, wanneer alles die swartste lyk, glo in God. Hy is besig om Sy wil uit te werk en Hy doen alles goed ten behoeve van Sy volk. Die krag van diegene wat Hom liefhet en dien, sal elke dag vernuwe wees. Hy kan en sal aan Sy dienaars al die hulp gee wat hulle nodig het. Hy sal aan hulle die wysheid gee wat hulle verskillende behoeftes verg.

Die beproefde apostel Paulus het gesê: **Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. Daarom het ek behaë in swakhede, in mishandeling, in node, in vervolging, in benoudheid, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk.** - 2 Kor. 12:9,10.

4, Ellen White: *Die Helende Hand*, pp. 339-348.

5. *SAMESYN MET ANDERE*



*I*n ons samesyn met mekaar is daar selfbeheersing, verdraagsaamheid en medelyde nodig. Ons geaardheid, gewoontes en opvoeding is so uiteenlopend dat ons sake uit verskillende standpunte beskou. Ons verskil in ons oordeel. Ons begrip van die waarheid en ons sienswyse oor gedrag in die lewe, is nie in alle opsigte eenders nie. Daar is geen twee mense wie se ervaring in alle opsigte dieselfde is nie. Die pligte wat vir die een maklik voorkom, is vir die ander swaar en moeilik.

Die menslike natuur is so swak, so onkundig, so vatbaar vir misverstand, dat elkeen baie versigtig moet wees hoe hy 'n ander takseer. Ons begryp maar min hoe ons dade op die lewe van ander sal inwerk. Wat ons doen of sê, is miskien vir ons van min belang, maar as ons oë geopen kon word, sou ons sien dat dit verreikende gevolge ten goede of ten kwade kan hê.

Verdraagsaamheid onder onreg

Ons kan nie toelaat dat ons gees verbitterd word weens enige werklike of veronderstelde onreg wat ons aangedoen is nie. Die eie-ek is die vyand wat ons die meeste moet vrees. Geen euwel het 'n nadeliger uitwerking op die karakter as die menslike drif wat nie onder beheer van die Heilige Gees is nie. Geen oorwinning wat ons kan behaal, is so kosbaar as die oorwinning oor die eie-ek nie.

Ons moet nie liggeraak wees nie. Ons moet lewe, nie om ons gevoelens of ons reputasie te beskerm nie, maar om siele te red. Namate ons in die redding van siele belangstel, hou ons op om die klein verskilletjies te vertroetel wat so dikwels in ons omgang met mekaar ontstaan. Wat ander ook van ons mag dink, of aan ons mag doen, dit hoef ons eenheid met Christus - die gemeenskap met die Gees - nie te versteur nie. **Watter roem is daar as julle verdra wanneer julle sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly - dit is genade by God. - 1 Pet. 2:20.**

Moenie weerwraak neem nie. Sover as wat dit in jou vermoë is, verwyder alle oorsaak van misverstand. Vermy die skyn van kwaad. Sonder om beginsels prys te gee, doen alles in jou vermoë om jou verskille met ander vredeliewend op te los. **As jy dan jou gawe na die altaar bring, en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly, en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan, en bring jou gawe. - Matt. 5: 23,24.**

As bitsige woorde teenoor jou gebesig word, moenie in dieselfde gees antwoord nie. Onthou, **'n sagte antwoord keer die grimmigheid af. - Spreuke 15:1.** En daar is wonderlike krag in stilbly. Om iemand wat kwaad is terug te antwoord, kan hom net kwater maak. Maar die bui sal gou sak as mens dit met stilswye in 'n sagmoedige en verdraagsame gees bejeën.

As 'n vloed van bitsige, beskuldigende woorde oor jou stroom, hou die gedagtes op die Woord van God gevestig. Laat gemoed en hart deur die

beloftes van God versterk word. As jy mishandel of vals beskuldig word, moet jy, liever as om 'n kwaai antwoord te gee, in jou binneste die kosbare beloftes aanhaal:

Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. - Rom. 12:21.

Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer; en Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag. - Psalm 37:5,6.

Daar is niks bedek wat nie geopenbaar sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie. - Luk. 12:2.

U het mense oor ons hoof laat ry; ons het in die vuur en in die water gekom, maar U het ons uitgelei in die oorfloed. - Psalm 66:12.

Ons is geneig om by ons medemense medelyde en bemoediging te soek, pleks van om na Jesus op te sien. In Sy genade en trou laat God dit dikwels toe dat diegene op wie ons vertrou, ons in die steek laat, sodat ons kan leer hoe dwaas dit is om ons vertrou in mense te stel en ons krag by sterflike mense te soek (vgl. Jer. 17:5). Laat ons volkome, nederig en onselfsugtig op God vertrou. Hy ken die droefheid wat ons tot in die dieptes van ons wese voel, maar nie kan uitspreek nie. Wanneer alles vir ons donker en onverstaanbaar lyk, dink aan die woorde van Christus: **Wat ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan.** - Joh. 13:7.

Bestudeer die geskiedenis van Josef en Daniël. Die Here het nie die sameswerings van die mans wat hulle wou kwaad aandoen, belet nie; maar Hy het alles ten goede laat meewerk vir Sy dienaars wat in hulle beproewings en stryd aan Hom getrou gebly het.

Solank ons in die wêreld is, sal ons met teëspoed te kampe hê. Daar sal ergernisse kom om ons humeur te toets; dit is wanneer ons hierdie dinge in die regte gees trotseer, dat ons die Christelike deugde ontwikkel. As Christus in ons woon, sal ons geduldig, vriendelik, verdraagsaam en

opgeruimd wees te midde van al die ergernisse. Dag na dag, jaar na jaar, sal ons die eie-ek oorwin en in edele heldemoed toeneem. Dit is ons aangewese taak, maar ons sal dit nie sonder hulp van Jesus, vasberadenheid, doelgerigtheid, gedurige waaksaamheid en volharding in die gebed kan doen nie. Elkeen van ons het 'n persoonlike stryd te stry. Selfs nie God sal ons karakters edel en ons lewens bruikbaar kan maak, tensy ons medewerkers van Hom word nie. Diegene wat vir die stryd terugdeins, sal die krag en die vreugde van oorwinning verloor.

Ons hoef nie 'n lys van ons beproewings en moeilikhede, of droefheid en leed op te stel nie. Al hierdie dinge staan in die boeke opgeteken en die hemel sal daarvoor sorg. Terwyl ons al die onaangename dinge tel, verdwyn baie dinge wat aangenaam is om oor te peins uit ons geheue, soos die barmhartigheid van God wat ons gedurig omring en die liefde waaroor die engele verstom staan, naamlik dat God Sy Seun gegee het om vir ons te sterf. Indien julle as werkers vir Christus voel dat julle groter sorg en beproewings gehad het as die wat ander getref het, onthou dan dat daar vir julle 'n vrede is wat onbekend is aan diegene wat hierdie laste vermy. Daar is vertroosting en vreugde in die diens van Christus. Laat die wêreld dan sien dat die lewe met Hom nie 'n mislukking is nie.

Dink positiewe gedagtes

As jy nie bly en opgeruimd voel nie, moet jy liewers nie oor jou gevoelens praat nie. Moenie 'n skaduwee op ander se lewens werp nie. 'n Kille, sonlose godsdiens sal siele nooit na Christus trek nie. Dit dryf hulle van Hom af weg binne-in die nette wat die Satan vir die voete van die dwalendes gespan het. Pleks van aan die ontmoedigende dinge in jou lewe te dink, dink liewer aan die krag waarop jy in Christus se Naam kan aanspraak maak. Laat jou verbeelding die onsigbare dinge beetpak. Dink aan al die bewyse van die groot liefde van God vir jou. Die geloof kan beproewings trotseer, versoekings weerstaan, teleurstellings te bowe kom. Jesus leef as ons Voorspraak. Alles wat Hy deur Sy bemiddeling verkry, behoort aan ons.

Dink jy nie dat Christus diegene op prys stel wat volkome vir Hom leef nie? Dink jy nie dat Hy diegene besoek wat, soos die geliefde Johannes in ballingskap, om Sy ontwil in swaar en moeilike plekke is nie? God sal nie toelaat dat een van Sy getroue diensknegte alleen gelaat word om teen groot moeilikhede te stry en oorwin te word nie. Almal wie se lewe in Christus in Hom verberg is, bewaar Hy soos 'n juweel. Van al diesulkes sê Hy: **Ek sal jou maak tot 'n seëlring, want jou het Ek verkies.** - Haggai 2:23.

Praat dan oor die beloftes; praat van Jesus se gewilligheid om te seën. Hy vergeet ons vir geen korte oomblik nie. Wanneer ons, ondanks onaangename omstandighede, vertrouend in Sy liefde rus en ons in Hom verberg, sal die bewustheid van Sy teenwoordigheid ons met diepe, rustige blydschap vervul. Van Homself het Christus gesê: **Uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek. En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.** - Joh. 8:28,29.

Die Vader se teenwoordigheid het Christus omring en niks het Hom oorgekom wat die ewige liefde nie toegelaat het as 'n seën vir die wêreld nie. Daarin was Sy bron van troos en dit is ook vir ons. Hy wat met die Gees van Christus besiel is, bly in Christus. Alles wat tot hom kom, kom van die Heiland wat hom met Sy teenwoordigheid omring. Niks kan hom raak sonder die Here se toestemming nie. Al ons lyding en droefheid, al ons versoekings en beproewings, al ons leed en droefheid, al ons vervolgings en ontberings - kortom alle dinge - werk vir ons ten goede mee. Alle ervarings en omstandighede is God se werktuie wat die goeie aan ons bring. As ons 'n besef het van God se lankmoedigheid teenoor ons, sal ons ander nie veroordeel of beskuldig nie. Hoe verbaas sou Christus se metgeselle gewees het as hulle, nadat hulle Hom leer ken het toe Hy hier op aarde geleef het, Hom een beskuldigende, foutsoekerige of ongeduldige woord hoor spreek het. Laat ons altyd onthou dat diegene wat Hom liefhet, Hom in hulle karakter moet voorstel.

Wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning. - Rom. 12:10. Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe. - 1 Pet. 3:9.

Openbaar die Christelike welwillendheid

Die Here Jesus verlang dat ons die regte van elke mens in ag moet neem. Mense se maatskaplike regte en hulle regte as Christene, moet in ag geneem word. Almal moet hoflik en bedagsaam behandel word as seuns en dogters van God. Die Christelike geloof sal 'n mens fatsoenlik maak. Selfs teenoor Sy vervolgers was Christus hoflik en Sy ware navolgers sal dieselfde gees openbaar. Aanskou Paulus toe hy voor regeerders gebring was. Sy toespraak voor Agrippa was 'n voorbeeld van sowel ware hoflikheid as welsprekendheid. Die evangelie moedig nie die formele hoflikheid van die wêreld aan nie, maar die hoflikheid wat uit 'n opregte, vriendelike hart kom.

Die sorgvuldigste aankweking van uiterlike fatsoenlikheid is nie genoeg om ontevredenheid, streng oordeel en onbetaamlike woorde uit te skakel nie. Ware verfyndheid sal nooit geopenbaar word solank die eie-ek op die troon sit nie. Liefde moet in die hart woon. Die dryfveer van die opregte Christen se gedrag is sy groot liefde vir sy Meester. Deur die are van daardie groot liefde vir Christus, vloei daar 'n onselfsugtige belangstelling in andere. Liefde gee aan sy besitter barmhartigheid, fatsoenlikheid en welvoeglikheid. Dit laat die gelaat straal en maak die stem sag; dit verfyn en verhef die hele wese.

Die lewe bestaan nie hoofsaaklik uit groot opofferings en mooi prestasies nie, maar uit klein dingetjies. Dit is dikwels deur die klein dingetjies wat skynbaar nie werd is om opgemerk te word nie, dat groot goed of kwaad in ons lewe gebring word. Dit is deur die toetse in klein dingetjies wat ons nie kan verduur nie, dat die gewoontes gevorm en die karakter misvorm word

en wanneer die groot toetse kom, is ons nie gereed nie. Alleenlik deur in die toetse van die alledaagse lewe volgens beginsel te handel, kan ons die krag verkry om in die gevaarlikste en moeilikste omstandighede rotsvas en getrou te staan.

Ons is nooit alleen nie. Of ons Hom kies, al dan nie, ons het altyd 'n metgesel. Onthou, waar jy ook al is, wat jy ook al doen God is daar. Niks wat gesê of gedoen of gedink word, sal Hom ontglip nie. Vir elke woord wat jy spreek en daad wat jy doen, het jy 'n getuie – die heilige God wat sonde haat. Dink altyd hieraan voordat jy spreek of handel. As Christen is jy 'n lid van die koninklike gesin, 'n kind van die hemelse Koning. Sê geen woord, doen geen daad **wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeroep is nie.** – Jak. 2:7.

Bestudeer die karakter van Jesus, die God-mens, deeglik en vra gedurig: “Wat sou Jesus doen as Hy in my plek was?” Dit behoort die maatstaf van ons plig te wees. Moenie onnodig die geselskap soek van diegene wat jou deur hulle listigheid sal verswak in jou strewe om te doen wat reg is, of 'n klad op jou gewete sal bring nie. Doen niks voor vreemdelinge op straat, op openbare voertuie, of tuis wat die geringste skyn van kwaad sal inhou nie. Doen elke dag iets om die lewe wat Christus met Sy bloed gekoop het te verbeter, te verfyn en te veredel.

Handel altyd volgens beginsel en nooit impulsief nie. Versag die natuurlike voortvarendheid van jou natuur met nederigheid en sagmoedigheid. Moet nooit toegee aan ydelheid of ligsinnigheid nie. Moenie onkuise grappies vertel nie. Self die gedagtes moet nie toegelaat word om hand-uit te ruk nie; hulle moet beheers en gehoorsaam gemaak word aan Christus. Bedink heilige dinge, dan sal hulle deur die genade van Christus rein en waar wees.

Ons behoort gedurig onder 'n besef van die veredelende krag van rein gedagtes te verkeer. Die enigste veiligheid vir enige siel is rein gedagtes. Soos 'n mens **in sy siel bereken, so is hy.** – Spreuke 23:7. Die krag van selfbeheersing word deur oefening versterk. Wat eers moeilik skyn te

wees, word deur gedurige herhaling maklik, totdat regte gedagtes en regte dade gewoontes word. As ons wil, kan ons ons van alles afkeer wat goedkoop en minderwaardig is en ons kan 'n hoë peil bereik; mense sal ons respekteer en God sal ons liefhê.

Praat goed van andere

Kweek die gewoonte aan om van ander goed te praat. Dink oor die goeie hoedanighede van diegene met wie jy verkeer en sien so min moontlik van hulle foute en tekortkominge raak. Wanneer jy in die versoeking kom om te kla oor wat iemand gesê of gedoen het, moet jy iets in daardie persoon se lewe of karakter prys. Kweek 'n gesindheid van dankbaarheid aan. Loof God vir Sy wonderlike liefde in die gawe van Christus wat in ons plek gesterf het. Dit betaal nooit om oor ons griewe te dink nie. God doen op ons 'n beroep om oor Sy genade en weergalose liefde te dink, sodat ons met die gees van lof besiel kan wees.

Ernstige diensknegte het geen tyd om uit te wei oor ander se foute nie. Ons kan dit nie bekostig om van die doppe van ander se foute en tekortkominge te leef nie. Kwaadsprekery is 'n tweevoudige vloek wat die spreker baie swaarder tref as die toehoorder. Hy wat die saad van tweedrag en stryd saai, oes die dodelike vrugte in sy eie siel. Juis die feit dat hulle na kwaad in ander soek, laat kwaad in die harte van diegene ontstaan wat daarna soek. Deur oor die foute van ander uit te wei word ons na dieselfde beeld verander. Maar deur die oë op Jesus gevestig te hou, van Sy liefde en die volmaaktheid van Sy karakter te praat word ons na Sy beeld verander. Deur die hoë ideaal na te streef wat Hy voor ons gestel het, sal ons na 'n rein en heilige atmosfeer verhef word, naamlik na die teenwoordigheid van God. Wanneer ons daar vertoef, gaan daar van ons 'n lig uit wat almal bestraal met wie ons in aanraking kom.

Liewer as om ander te kritiseer en te veroordeel, moet ons sê: "Ek moet my eie saligheid uitwerk. As ek met Hom, wat begeer om my siel te red saamwerk, moet ek myself naarstiglik bewaak. Ek moet elke sonde in my

lewe versaak. Ek moet elke fout oorwin. Ek moet 'n nuwe skepsel in Christus word. Dan kan ek diegene wat teen die sonde stry, met bemoedigende woorde versterk, eerder as om hulle te verswak." Ons staan te onverskillig teenoor mekaar. Al te dikwels vergeet ons dat ons medediensknegte behoefte het aan krag en bemoediging. Doen moeite om hulle van jou belangstelling en medelyde te verseker. Help hulle deur jou gebede en laat hulle daarvan weet. Diegene wat voorgee om vir Christus te werk is nie almal ware dissipels nie. Onder diegene wat sy Naam bely en wat selfs onder Sy diensknegte getel word, is sommige wat Hom nie in hulle karakters voorstel nie. Hulle word nie deur Sy beginsels geregeer nie. Hierdie persone veroorsaak dikwels verwarring en mismoeidigheid vir hulle medediensknegte wat nog jonk in die Christelike lewe is; maar niemand hoef mislei te word nie. Christus het vir ons 'n volmaakte voorbeeld gestel. Hy sê dat ons Hom moet volg.

Tot aan die einde van die tyd sal daar onkruid tussen die koring wees. Toe die huisheer se diensknegte in hulle ywer vir sy eer verlof gevra het om die onkruid uit te trek het die meester gesê: **Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat al twee saam groei tot die oes toe.** - Matt. 13:29,30.

In Sy genade en lankmoedigheid verdra God die wederstrewiges en valsies geduldig. Onder Christus se gekose apostels was Judas, die verraaier. Sou mens dan verbaas of mismoeidig wees, omdat daar vandag onder Sy diensknegte ontroues is? As Hy wat die hart kan lees, hom kon duld van wie Hy geweet het dat hy Hom sou verrai, hoe geduldig behoort ons nie te wees teenoor diegene wat foute begaan nie.

En nie almal nie, nie eens die wat skynbaar die gebrekkigste is, is soos Judas nie. Petrus wat so voortvarend, haastig en selfversekerd was, het dikwels baie slegter as Judas vertoon. Die Heiland het hom meer dikwels bestraf. Maar wat 'n lewe van diens en opoffering het hy geleel! Hoe getuig dit nie vir die krag van God se genade nie! Sover dit moontlik is, moet ons vir andere wees wat Jesus vir Sy dissipels was toe Hy op aarde met hulle

gewandel en gepraat het. Beskou jouself eerstens as 'n sendeling onder jou medediensknegte.

Dit vereis dikwels baie tyd en werk om een siel vir Christus te win. En wanneer 'n siel hom van die sonde tot geregtigheid wend, is daar vreugde in die teenwoordigheid van die engele. Dink jy dat die dienende geeste, wat oor siele waak, met vreugde aanskou hoe onverskillig hulle deur vals Christene behandel word? As Christus ons sou behandel soos ons mekaar al te dikwels behandel, wie van ons kan gered word?

Onthou, jy kan harte nie lees nie. Jy ken nie die beweegredes vir dade wat vir jou verkeerd voorkom nie. Daar is baie wat nie reg opgevoed is nie; hulle karakters is verwronge, hulle is verhard en kwasterig en skyn in alle opsigte krom en skeef te wees. Jy moet hulle nooit verwerp nie, nooit tot mismoedigheid of wanhoop dryf deur te sê: "Jy het my teleurgestel en ek sal jou nooit probeer help nie." 'n Paar haastige woorde as jy uitgetart word - presies wat hulle na ons mening verdien - kan die bande van invloed, wat hulle harte aan ons moes gebind het, verbreek.

Die konsekwente lewe, die geduldige verdraagsaamheid en die gees wat hom nie oor uittarting ontstel nie, is altyd die oortuigendste redenasie en die plegtigste oproep. As jy geleenthede en voorregte gehad het wat ander nie te beurt geval het nie, neem dit in ag en wees altyd 'n wyse, versigtige en sagte leermeester.

Om die seël mooi duidelik in die was af te druk stamp jy die seël nie haastig, met geweld, daarop nie; jy sit die seël versigtig op die vormbare was en dan druk jy sagkens en kalm daarop totdat dit in die vorm verhard word. Werk op soortgelyke wyse met mensesiele. Die onafgebrokenheid van die Christelike invloed is die geheim van sy krag en dit is afhanklik van hoe standvastig jy die karakter van Christus openbaar. Help diegene wat afgedwaal het deur hulle van jou eie ervaring te vertel. Toon aan hulle hoedat die geduld, vriendelikheid en hulpvaardigheid van jou medediensknegte jou met moed en hoop besiel het toe jy foute begaan het.

Voor die oordeel sal jy nooit weet watter invloed 'n vriendelike, bedagsame houding teenoor diegene wat inkonsekwent, onredelik of onwaardig is, gehad het nie. Wanneer ons met ondankbaarheid en met troubreuk te doen kry, ontstaan daar in ons die begeerte om aan ons veragting en ons verontwaardiging uiting te gee. Die skuldiges verwag dit; hulle is daarop voorbereid. Maar vriendelike verdraagsaamheid is vir hulle 'n verrassing en dit wek dikwels by hulle beter aansporings en 'n verlange na 'n edeler lewenswyse.

Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus. - Gal. 6:1,2.

Almal wat voorgee dat hulle kinders van God is, moet onthou dat hulle as diensknegte met alle soorte mense in aanraking sal kom. Daar is verfyndes en daar is die wat platvloers is; daar is nederiges en hovaardiges; daar is godsdienstiges en ongelowiges; geleerdes en ongeleerdes; rykes en armes. Ons kan al hierdie verskillende soorte nie eenders behandel nie; maar almal het behoefte aan vriendelikheid en medelyde. Deur onderlinge samesyn, behoort ons gees fatsoenlik en verfynd te word. Ons is van mekaar afhanklik en van die bande van broederskap wat mense aan mekaar bind.

Dit is deur gesellige samesyn dat die Christelike geloof met die wêreld in aanraking kom. Elke man en vrou wat die Goddelike verligting ontvang het, moet lig laat skyn op die donker pad van diegene wat onbekend is met die volmaakte weg. Die krag van geselligheid, deur die Gees van Christus geheilig, moet gebruik word om siele na die Verlosser te bring. Christus moet nie soos 'n begeerlike skat, heilig en soet, in die hart verberg word om alleen deur die besitter daarvan geniet te word nie. Ons moet Christus in ons hê soos 'n lewende fontein wat opwel tot die ewige lewe en almal wat met ons in aanraking kom, verkwik.

6. *WEES GODVRESEND*



*D*aar is veel meer aan die Christelike lewe verbonde as wat vele dink.

Dit bestaan nie net uit sagtheid, lankmoedigheid, verdraagsaamheid en goedhartigheid nie. Hierdie eienskappe is noodsaaklik, maar daar is ook behoefte aan moed, krag, ywer en volharding. Die weg wat Christus aanwys, is eng en verg selfverloëning. Om daardie weg aan te durf en ondanks moeilikhede en ontmoedigings daarop te volhard, verg manne en vroue wat meer is as swakkellinge.

Karaktervastheid

*D*aar is behoefte aan manne en vroue met uithouvermoë, manne en vroue wat nie sal wag dat die weg gelyk gemaak en dat elke hindernis verwyder moet word nie, manne en vroue wat die kwynende pogings van moedelose diensknegte met nuwe ywer sal besiel, manne en vroue in wie se

harte die liefde van Christus warm brand en wie se hande sterk is om hulle Meester se werk te doen.

Sommige diensknegte is swak, kragteloos en lusteloos en word maklik mismoedig. Dit ontbreek hulle aan dryfkrag. Hulle het nie daardie positiewe karaktertrekke wat krag verleen om iets te doen nie - die gees en die werksaamheid wat ywer aanblaas nie. Diegene wat wil slaag, moet moedig en hoopvol wees. Hulle moet nie net die passiewe nie, maar ook aktiewe deugde kweek. Hoewel hulle die sagte antwoord moet gee wat die grimmigheid afkeer, moet hulle heldemoed hê wat van hulle invloed 'n positiewe krag sal maak.

Sommige het geen karaktervastheid nie. Hulle planne en doelwitte het geen vaste vorm of vastigheid nie. Hulle is van min praktiese waarde vir die wêreld. Hierdie swakheid, besluiteloosheid en ondoeltreffendheid moet oorwin word. Daar is in die ware Christelike karakter 'n ontembaarheid wat nie deur ongunstige omstandighede gevorm of onderdruk kan word nie. Ons moet beginselvastheid en onkreukbaarheid hê wat nie gevlei, omgekoop of afgeskrik kan word nie.

God wil hê dat ons van elke geleentheid gebruik moet maak om voorbereiding vir Sy diens te verkry. Hy verwag dat ons al ons kragte in die verrigting daarvan moet inspan en dat ons in ons harte oortuig moet bly van die heiligheid en die groot verantwoordelikheid daarvan.

Baie wat bekwaam is om uitmuntende werk te doen, rig min uit, omdat hulle min aanpak. Duisende gaan deur die lewe asof daar geen groot doelwit is waarvoor hulle moet leef nie, geen hoë standaard wat hulle moet bereik nie. Een rede daarvoor is die geringe agting wat hulle vir hulleself het. Christus het 'n onberekenbare prys vir ons betaal en Hy wil hê dat ons ons eie waarde volgens daardie prys moet bereken.

Moenie tevrede wees om 'n lae peil te bereik nie. Ons is nie wat ons kan wees of wat God wil hê dat ons moet wees nie. God het ons die vermoë gegee om te redeneer, nie sodat dit onbenut moet bly of vir aardse en

gemene bedrywigheide misbruik moet word nie, maar sodat dit tot die uiterste ontwikkel, verfyn, geheilig en veredel kan word vir gebruik in die bevordering van die belange van Sy koninkryk.

Niemand moet inwillig om 'n masjien te wees wat deur 'n ander man se gees aangedryf word nie. God het ons die vermoë gegee om te dink en te handel en dit is deur versigtig te handel en na Hom om wysheid op te sien, dat jy die vermoë sal kry om laste te dra. Staan in jou Godgegewe persoonlikheid. Moenie 'n ander se skaduwee wees nie. Ver wag dat die Here in en met en deur jou sal werk.

Jy moet nooit dink dat jy genoeg geleer het en nou maar kan ontspan nie. Die ontwikkelde verstand is die maatstaf van die mens. Jou opvoeding moet lewenslank aanhou; elke dag moet jy leer en die kennis wat jy opdoen, prakties gebruik.

Onthou, watter pos jy ook beklee, jy openbaar jou motiewe en jy ontwikkel jou karakter. Wat jou werk ook al mag wees, doen dit presies en naarstiglik; oorwin die neiging om 'n maklike taak te soek.

Dieselfde gees en beginsels wat mens in jou daaglikse werk inbring, sal op jou hele lewe toegepas word. Diegene wat 'n vasgestelde dagtaak en 'n vasgestelde salaris verlang en wat presies in hulle werk wil inpas sonder om die moeite te doen om hulle aan te pas of te laat oplei, is nie die mense wat God roep om in Sy saak te werk nie. Diegene wat hulle daarop toelê om so min moontlik van hulle liggaamlike, verstandelike en geestelike kragte te gee, is nie die diensknegte op wie Hy Sy oorfloedige seëninge kan uitstort nie. Hulle voorbeeld is aansteeklik. Eiebelang is die oorheersende motief. Diegene wat onder toesig moet werk en net die pligte uitvoer wat duidelik aan hulle opgedra word, is nie die persone wat goeie en getroue diensknegte genoem sal word nie. Daar is behoefte aan diensknegte wat daadkragtigheid, onkreukbaarheid en ywer aan die dag lê - hulle wat gewillig is om enigiets te doen wat gedoen moet word.

Baie mense word onbekwaam, omdat hulle uit vrees vir mislukking verantwoordelikhede vermy. Dus kry hulle nie daardie opleiding wat die gevolg van ondervinding is en wat hulle nie uit lees en studeer en alle ander voordele kan kry nie.

Die mens kan omstandighede vorm, maar omstandighede moet nie toegelaat word om die mens te vorm nie. Ons moet omstandighede as geleenthede aangryp. Ons moet hulle te bowe kom, maar moet nie toelaat dat hulle ons oorwin nie.

Die sterk manne en vroue is hulle wat teenstand, verbystering en dwarsboming ondervind het. Hulle sit hulle kragte en vermoëns aan die werk en so word die hindernisse waarvoor hulle te staan kom, vir hulle positiewe seëninge. Hulle kry selfvertroue. Stryd en verleentheid eis vertroue in God en die soort vasberadenheid wat krag en karakter ontwikkel.

Christus was nie suinig met Sy diens nie. Hy het Sy diens nie in ure afgemeet nie. Hy het Sy tyd, Sy hart, Sy siel en Sy kragte tot voordeel van die mensdom gebruik. Deur vermoeiende dae het Hy gewerk en lange nagte deur het Hy om genade en volharding gebid, sodat Hy 'n groter werk kon doen. Met sterk geroep en tranes het Hy Sy smeking hemelwaarts gestuur, dat Sy menslike natuur versterk mag word, dat God Hom kan versterk om die slinkse vyand in al sy bedrieglike werke teen te staan en dat Hy versterk mag word om Sy sending - die opheffing van die mensdom - te vervul. Aan Sy diensknegte sê Hy: **Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek.... te doen.** - Joh. 13:15.

Paulus het gesê: **Die liefde van Christus dring ons** - 2 Kor. 5:14. Dit was die werkbeginsel van sy gedrag; dit was sy dryfkrag. As sy ywer om sy plig te volbring ooit vir een oomblik verflou het, dan het een blik op die kruis hom die lendene van sy verstand opnuut laat omgord en op die weg van selfverloëning laat voortgaan. In sy arbeid vir sy broeders het hy baie op die openbaring van die oneindige liefde in die opoffering van Christus met Sy sagte, dringende krag gesteun.

Hoe ernstig, hoe roerend sy oproep: **Julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.** - 2 Kor. 8:9. Julle weet uit watter hoogte Hy afgeklim het, die diepte van die vernedering waartoe Hy neergedaal het. Sy voete het die weg van opoffering betree en nie daarvan afgewyk voordat Hy Sy lewe gegee het nie. Tussen die troon in die hemel en die kruis op aarde, was daar vir Hom geen rus nie. Sy liefde vir die mensdom het elke vernedering verwelkom en elke mishandeling verdra.

Paulus vermaan ons: **Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.** Hy sê: **Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.** Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem, en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. - Fil. 2:4-8.

Paulus was baie gretig dat die vernedering van Christus gesien en besef moes word. Hy was oortuig dat as mense daartoe gebring kon word om die verbasende opoffering te oorweeg wat die Majesteit van die hemele gemaak het, selfsug uit hulle harte verban sou word. Die apostel staan by die een punt na die ander stil, sodat ons in 'n mate die wonderbaarlike vernedering van die Heiland ten behoeve van sondaars kan begryp. Hy rig ons aandag eers op die posisie wat Christus in die hemel in die skoot van die Vader bekleed het; daarna openbaar hy Hom wanneer hy Sy heerlikheid neerlê en Hom vrywilliglik aan die vernederende toestand van die menslike lewe onderwerp, die verantwoordelikhede van 'n kneg opneem en tot die dood toe gehoorsaam word - die skandelikste, weersinswekkendste, pynlikste dood, naamlik die dood aan die kruis. Kan ons hierdie wonderbaarlike openbaring van die liefde van God bepeins sonder dankbaarheid en liefde en 'n diepe besef van die feit dat ons nie ons eie is nie? So 'n Here mag nie teensinnig en met selfsugtige motiewe gedien word nie.

Petrus sê: **Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is, ..., nie.** – 1 Pet. 1:18. Ag, Ag, as hulle maar voldoende was om die mens se verlossing te koop, hoe maklik kon Hy dit gedoen het wat gesê het **aan My behoort die silwer en aan My die goud.** – Haggai 2:8. Maar die sondaar kon alleenlik deur die Seun van God se kosbare bloed losgekoop word. Diegene wat hierdie wonderbare opoffering nie waardeer nie en hulle aan die diens van Christus onthou, sal in hulle selfsug sterf.

Doelgerigtheid

In Sy lewe het Christus alles aan Sy sending onderwerp, naamlik aan die groot verlossingswerk wat Hy kom verrig het. En dieselfde toewyding, dieselfde selfverloëning en opoffering, dieselfde onderwerping aan die eise van die Woord van God moet in Sy dissipels geopenbaar word.

Elkeen wat Christus as sy persoonlike Saligmaker aanneem, sal na die voorreg verlang om God te dien. Wanneer hy peins oor wat die hemel vir hom gedoen het, ontstaan daar in sy hart grenslose liefde en aanbiddende dankbaarheid. Hy is gretig om sy dankbaarheid te betuig deur sy begaafdhede aan die diens van God te wy. Hy verlang om sy liefde vir Christus as Sy gekoopte eiendom te toon. Hy begeer diens, ontbering en opoffering.

Die ware dienskneg vir God sal sy bes doen, omdat hy sy Here sodoende kan verheerlik. Hy sal doen wat reg is om die vereistes van God na te kom. Hy sal streef om al sy Godgegewe begaafdhede te verbeter. Hy sal elke plig verrig asof hy dit vir God doen. Sy een verlange sal wees dat Christus eer en volmaakte diens mag hê. Daar is 'n prent waarop 'n os tussen 'n ploeg en 'n altaar staan en die byskrif is: "Vir albei bereid", bereid om in die ploegvoor te arbeid, of om op die altaar geoffer te word. Dit is die houding van die ware kind van God – gewillig om te gaan waar sy plig hom roep, om die eie-ek te verloën, om alles vir die saak van die Heiland op te offer.

6. Ellen White: *Die Helende Hand*, pp. 360-364.

7. 'N HOËR BELEWENIS



Ons het gedurig 'n nuwe openbaring van Christus nodig, 'n daaglikse belewenis wat met Sy Woord ooreenstem. Hoë en heilige prestasies is binne ons bereik. Voortdurende opgang in kennis en deugsamheid is God se doel vir ons. Sy wet is die weerklank van Sy stem wat aan almal die uitnodiging gee: "Mik hoër. Wees heilig, nog heiliger." Ons kan elke dag vorder met die vervolmaking van 'n Christelike karakter.

Diegene wat in diens vir die Here betrokke is, moet 'n belewenis hê wat baie hoër, dieper en breër is as enigiets waaraan hulle nog ooit gedink het. Vele wat reeds lede van God se groot gesin is, weet min van wat dit beteken om Sy heerlikheid te sien en van heerlikheid tot heerlikheid verander te word. Baie het 'n floue begrip van Christus se uitnemendheid en hulle harte smag na vreugde. Hulle verlang na 'n vollediger en dieper besef van Christus se liefde. Laat hulle elke verlange van die siel na God vertroetel. Die Heilige Gees werk met diegene wat bewerk wil word, Hy vorm diegene wat gevorm

wil word en gee gestalte aan diegene wat gestalte wil hê. Gun jouself die veredeling van geestelike gedagtes en heilige kameraadskap. Jy het nog net die eerste strale van die vroeë dagbreek van Sy heerlijkheid gesien. Namate jy opgang maak in die kennis van die Here, sal jy weet **die pad van die regverdiges is soos die lig van die môreglans, wat al helderder word tot die volle dag toe.** - Spreuke 4:18.

Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word. - Joh. 15:11.

Christus het altyd die gevolg van Sy sending voor Hom gesien. Sy aardse lewe, so moeisaam en vol selfopoffering, is veraangenaam deur die gedagte dat Sy moeitevolle arbeid nie tevergeefs sou wees nie. Deur Sy lewe te gee sodat die mense die lewe kan hê, sou Hy die beeld van God in die mensheid herstel. Hy sou ons uit die stof ophef, ons karakter na die gelykenis van Sy eie karakter hervorm en dit met Sy eie heerlijkheid versier.

Christus het die moeitevolle arbeid van Sy siel gesien en Hy was tevrede. Hy het die uitgestrektheid van die ewigheid aanskou en die geluk gesien van diegene wat deur Sy vernedering, vergifnis van sonde en die ewige lewe sou ontvang. **Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor; ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.** - Jes. 53:5. Hy het die juigkreet van die verlostes gehoor. Hy het gehoor hoe die losgekooptes die lied van Moses en van die Lam sing. Hoewel Hy eers die bloeddoopt moes ontvang, hoewel die sondes van die wêreld swaar op Sy onskuldige siel sou druk, hoewel die skaduwee van 'n onuitspreeklike angs op hom geval het, het Hy nogtans vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die skande verag en die kruis verdra (vgl. Heb. 12:2).

Aan hierdie vreugde sal al Sy volgelinge 'n aandeel hê. Hoe heerlik die hiernamaals ook al sal wees, sal die loon nie alles tot die tyd van die uiteindelijke verlossing teruggehou word nie. Selfs in hierdie lewe sal ons

deur die geloof die Heiland se vreugde smaak. Net soos Moses moet ons volhou soos een wat die Onsienlike sien.

Die kerk is nou die strydende kerk. Ons lewe nou in 'n wêreld wat in duisternis verkeer, wat hom byna heeltemal aan afgodery oorgegee het.

Maar die dag sal kom wanneer die stryd volstry en die oorwinning behaal sal wees. Die wil van God moet op aarde net soos in die hemel geskied. Die verlore volke sal geen ander wet as die wet van die hemel ken nie. Hulle sal 'n gelukkige, verenigde gesin wees wat met die kleed van lof en danksegging bekleed is - die kleed van Christus se geregtigheid. In sy uitnemende heerlikheid sal die ganse natuur sy lof en aanbidding bied. Die wêreld sal met die lig van die hemel verlig word. Die lig van die maan sal soos die lig van die son wees en die lig van die son sal sewe maal sterker wees as nou. Die jare sal in vreugde verbygaan. By aanskouing van dié heerlike toneel, sal die môresterre saam sing en die seuns van God sal van vreugde juig, terwyl God en Christus saam verklaar: **En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.** - Openb. 21:4.

Hierdie toekomsblikke op die komende **heerlikheid**, tonele wat deur die hand van God self geskilder is, behoort vir Sy kinders baie dierbaar te wees.

Staan op die drumpel van die ewigheid en luister na die heerlike verwelkoming van diegene wat in hierdie lewe met Christus saamgewerk en dit as 'n eer beskou het om om Sy ontwil te ly. Saam met die engele werp hulle hul krone aan die Verlosser se voete neer, terwyl hulle uitroep: **Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.... Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid.** - Openb. 5:12,13.

En kyk, daar was 'n groot menigte wat **niemand kon tel nie**, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en

voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam. - Openb. 7:9,10.

Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God, en dien Hom dag en nag in Sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle tranes van hulle oë afvee. - Openb. 7:14-17. En daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. - Openb. 21:4.

Ons moet gedurig hierdie gesig van die onsienlike dinge voor ons hou. So sal ons die regte verhouding tussen die ewige dinge en die tydelike dinge kan sien. Dit sal ons die krag gee om ander ook tot 'n hoër lewe te beïnvloed.

Die voorreg van gebed

Ons moet ook tye hê wat ons afsonder vir nadenking en gebed en vir die ontvangs van geestelike verkwikking. Ons waardeur die krag en doelmatigheid van gebed nie soos ons behoort te doen nie. Gebed en geloof sal doen wat geen mag op aarde kan doen nie. Dit gebeur selde dat 'n mens twee keer in alle opsigte in dieselfde omstandighede beland. Ons sien gedurig nuwe tonele en moet nuwe beproewings verduur waar vorige ondervinding nie as 'n betroubare gids kan dien nie. Ons moet gedurig die lig hê wat van God kom.

Christus stuur gedurig boodskappe aan diegene wat luister om Sy stem te hoor. In die nag van angs in Getsémané het die dissipels Jesus se stem nie gehoor nie. Hulle het 'n floue gewaarwording van die engel se

teenwoordigheid gehad, maar hulle het die krag en heerlikheid van die toneel misgeloop. Omdat hulle nie gewaak en gebed het nie, het hulle nie die bewyse ontvang wat hulle siele sou versterk vir die vreeslike tonele wat hulle moes deurmaak nie. So gebeur dit vandag, dat juis die manne wat die Goddelike voorligting die nodigste het, dit dikwels nie kry nie, omdat hulle nie met die hemel kameraadskap het nie.

Die versoekings waaraan ons daaglik blootgestel word, maak gebed noodsaaklik. Daar is gevare aan alle kante. Diegene wat werk om ander van euwels en ondergang te red, word veral aan versoekings blootgestel. Omdat hulle gedurig met die sonde in aanraking is, moet hulle God se hand styf vashou, sodat hulle nie self besoedel raak nie. Daar is net 'n paar kort en besliste treë van hoë en heilige grond na 'n afgrond. Daar kan binne 'n oomblik besluite geneem word wat 'n mens se toestand vir ewig kan bepaal. Een nederlaag laat die siel sonder beskerming. Een sondige gewoonte, as dit nie met vasberadenheid bestry word nie, sal soos 'n staal ketting word wat die hele mens bind.

Die rede waarom so vele in plekke van versoeking alleen moet staan, is dat hulle hul oë nie gedurig op die Here gevestig hou nie. Wanneer ons toelaat dat ons kameraadskap met God verbreek word, het ons geen beskutting meer nie. Al jou goeie planne en jou goeie voornemens saam sal jou nie in staat stel om die sonde te weerstaan nie. Julle moet manne en vroue van gebed wees. Jou gebede moet nie flou, af en toe of 'n gier wees nie, maar wel vurig, volhardend en gedurig. Dis nie altyd nodig om te kniel om te bid nie. Kweek die gewoonte aan om met die Here te praat wanneer jy alleen is, wanneer jy loop en wanneer jy met jou daaglikse werk besig is. Hef jou hart gedurig in stille gebed op om hulp, lig, krag en kennis. Laat elke asemhaling 'n gebed wees.

As diensknegte vir God moet ons mense bereik waar hulle is - omring van duisternis, in sonde verval en met bedorwenheid beplek. Maar solank ons ons gedagtes op Hom vestig, wat ons son en ons skild is, sal die sonde waarvan ons omring is, geen vlek aan ons klere bring nie. Ons sal nie in die

skande kom as ons op God vertrou, terwyl ons werk om siele te red wat op die punt staan om te vergaan nie. **Christus in die hart, Christus in die lewe – dit is ons veiligheid.** Die atmosfeer van Sy teenwoordigheid sal die siel met afsku vervul teen alles wat sondig is. Ons gees kan in so 'n mate met Syne ooreenstem, dat ons in gedagte en strewe een met Hom sal wees.

Dit was deur geloof en gebed dat Jakob van so 'n swak sondaar in 'n prins van God verander is. Dit is op hierdie manier dat julle manne en vroue met 'n hoë en heilige doel, met 'n edele lewe kan word – manne en vroue wat vir geen geld gekoop kan word om van waarheid, reg en geregtigheid af te wyk nie. Almal gaan gebuk onder sorg, laste en pligte, maar hoe moeiliker jou omstandighede en hoe swaarde jou laste, hoe meer het jy Jesus nodig.

Dit is 'n ernstige fout om die openbare aanbidding van God te verwaarloos. Die voorregte om God te aanbid, moet nie lig opgeneem word nie. Diegene wat siekes moet oppas, is dikwels nie in staat om van hierdie geleenthede gebruik te maak nie, maar hulle moet versigtig wees om nie onnodig van die huis van aanbidding weg te bly nie.

In die versorging van die siekes, meer as in enige bloot wêreldlike besigheid, is sukses afhanklik van die gees van toewyding en selfopoffering waarmee die werk gedoen word. Diegene wat verantwoordelikhede dra, moet hulle in die plek stel waar die Gees van God 'n diepe indruk op hulle kan maak. Jy moet net soveel gretiger wees as ander om van die Heilige Gees hulp te ontvang en 'n kennis van God te hê, as wat jou vertrouensposisie meer verantwoordelik is as dié van andere.

Niks is nodiger in ons diens as die praktiese gevolge van kameraadskap met God nie. Deur ons daaglikse lewe moet ons toon dat ons vrede en rus in die Heiland het. Sy vrede in die hart sal uit die gelaat straal. Dit sal aan die stem oortuigingskrag verleen. Kameraadskap met God sal die karakter en die lewe veredel. Mense sal van ons kennis neem, soos van die eerste dissipels, dat ons by Jesus was. Dit sal aan die dienskneg 'n krag verleen

soos niks anders kan doen nie. Hy moet nie toelaat dat hy van hierdie krag beroof word nie.

Ons moet 'n tweevoudige lewe lei - 'n lewe van dink en handel; van stille gebed en ernstige diens. As die krag, wat uit kameraadskap met God ontvang word, verenig word met ons eie, ernstige pogings om die hart tot bedagsaamheid en sorgsaamheid op te lei, berei dit mens vir die daaglikse pligte voor en hou dit die gemoed onder alle omstandighede kalm, hoe swaar dit ook al mag wees.

Die Goddelike Raadgewer

Wanneer hulle in die moeilikheid is, dink vele dat hulle hul op 'n aardse vriend moet beroep, hom van hulle moeilikhede moet vertel en om sy hulp moet smee. Onder moeilike omstandighede word hulle harte met ongelooft vervul en alles lyk vir hulle donker. En die hele tyd staan die magtige Raadgewer van die eeue langs hulle en Hy nooi hulle om hul vertroue in Hom te stel. Jesus, die groot Lasdraer, sê aan hulle: **Kom na MY toe en Ek sal julle rus gee.** - Matt. 11:28. Sal ons ons van Hom afwend na onbetroubare mense, wat net so afhanklik van God is as ons self.

Jy word miskien bewus van jou karaktergebreke en jou gebrek aan bekwaamheid in verhouding tot die grootheid van jou taak. Maar al besit jy ook die briljantste verstand wat ooit aan 'n mens gegee is, sou dit nog onvoldoende wees vir jou diens. **Sonder My kan julle niks doen nie** - Joh. 15:5, sê onse Here en Heiland. Die gevolge van alles wat ons doen, berus by God. Al gebeur wat ook al, hou met onwankelbare, volhardende vertroue aan Hom vas.

In jou besigheid, in die geselskap wat jy vir jou vrye tyd kies, in jou keuse van 'n lewensmaat, knoop al hierdie bande met ernstige, nederige gebed aan. Op hierdie wyse sal jy toon dat jy God eer en God sal jou eer. Bid wanneer jy wankelmoedig is. Wanneer jy neerslagtig voel, moet jy met geen mens praat nie; moenie 'n skadu oor 'n ander se weg werp nie; maar vertel Jesus alles. Kyk na bo om hulp. Gryp in jou swakheid die onbeperkte Krag aan. Vra

om nederigheid, wysheid, moed en versterking van jou geloof, sodat jy in die lig van God lig kan sien en jou in Sy liefde kan verbly.

Toewyding en vertroue

Wanneer ons nederig en boetvaardig is, is ons op die plek waar God Hom aan ons sal openbaar. Dit behaag hom wanneer ons seëninge van die verlede aanvoer as rede waarom Hy ons nog groter seëninge moet skenk. Hy sal die verwagtinge van diegene wat ten volle op Hom vertrou, oorvloedig vervul. Die Here Jesus weet presies wat Sy kinders nodig het, hoeveel Goddelike krag ons tot seën van die mensdom sal aanwend en Hy gee aan ons alles wat ons nodig het om ander te seën en ons eie siele te veredel.

Ons moet minder vertroue hê in wat ons self kan doen en meer vertroue in wat die Here vir en deur ons kan doen. Jy doen nie jou eie werk nie, jy doen die werk van God. Gee jou wil en jou weg aan Hom oor. Jy moet geen enkele ding terughou en geen kompromis met die eie-ek aangaan nie. Jy sal moet weet wat dit beteken om in Christus heeltemal vry te wees.

Om bloot Sabbat na Sabbat preke aan te hoor, om die Bybel keer op keer deur te lees, of om dit vers vir vers uit te lê, sal ons en ons hoorders niks baat, tensy ons die waarhede van die Bybel self uitleef nie. Die verstand, die wil en die liefde moet oorgegee word om deur die Woord van God beheer te word. Dan sal die voorskrifte van die Woord deur die werk van die Heilige Gees die beginsels van die lewe word.

Wanneer jy die Here vra om jou te help moet jy jou Heiland eer deur te glo dat jy Sy seën ontvang. Alle krag en alle wysheid is tot ons beskikking. Ons moet net vra.

Wandel gedurig in die lig van God. Bepeins Sy karakter dag en nag. Dan sal jy Sy skoonheid aanskou en jou in Sy goedheid verbly. Jou hart sal brand met die besef van Sy liefde. Jy sal verhef word asof jy deur die ewige arms gedra word. Met die krag en lig wat God gee, sal jy meer kan verstaan en meer kan uitrig as wat jy ooit voorheen moontlik geag het.

Een ding

Hy wat op God vertrou, sal soos Paulus kan sê: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.** - Fil. 4:13. Wat die foute of mislukkings van die verlede ook al mag wees, ons kan hulle met God se hulp oorwin. Ons kan soos die apostel sê: **Een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.** - Fil. 3:14.

7. Ellen White: *Die Helende Hand*, pp. 365-373.

Soos Nehemia moet God se volk hulle vyande nòg vrees, nòg verag. Deur hulle vertroue in God te stel moet hulle kalm voorwaarts gaan en Sy werk met onselfsugtigheid doen en die saak waarvoor hulle staan aan Sy voorsiening toevertrou. - E. White: *Prophets and Kings*, p. 645.

Mag dit elkeen van ons se hoogste, edelste en ywerigste strewe wees om soos Paulus te kan sê: **Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.**

Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy verskyning liefgehad het. - 2 Tim. 4:7-8.

8. TOT GETROUHEID GEROEP

Nou is die tyd



Getrouheid is 'n prominente tema dwarsdeur die Bybel. In die Psalms lees ons van God se getrouheid: **U trou is van geslag tot geslag; U het die aarde gemaak en dit staan vas.** - Ps. 119:90. **Here, almagtige God, wie is soos U? U krag is groot, Here, u trou is oral.** - Ps. 89:8. Die profeet Jesaja het geskryf: **Here, U is my God!.... U het wonders gedoen, raadsbesluite uit ver tye, waarheid en trou.** - Jes. 25:1. In die Nuwe Testament lees ons dat as ons ons sondes bely, **Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.** - 1 Joh. 1:9. In Openbaring word Jesus beskryf as **Getrou en Waaragtig.** - Openb. 3:14; 19:11.

Die belangrikheid van getrouheid word in die woorde van Jesus weerspieël: **Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou.** - Luk. 16:10; in Sy lofprysing: **Mooi so, goeie en getroue dienskneg.** - Matt. 25:23; en in Sy belofte in Openbaring 2:10: **Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.**

Getrouheid word as 'n vrug van die Gees geïdentifiseer (Gal. 5:22). Die Bybel beskryf baie van God se getroue volgelinge en vandag het Hy steeds Sy getroues. Ellen White herinner ons: "Christus is by elke byeenkoms en by elke private samekoms teenwoordig. Hy het Sy volk die bewaarders van Sy buitengewone seëninge gemaak. Hy het aan hulle edelstene en skatte wat ryker as goud is, gegee en elke getroue medewerker met God moet die myn van waarheid delf en die skatte te voorskyn bring..... Te midde van die veragting van mense, wêreldse verlies gely, het hulle standvastige integriteit geopenbaar - Hulle staan getrou soos die naald tot die pool as getroue werkers, as vaandeldraers vir God, in beginsel rotsvas."- Ellen White: *Review and Herald*, 21 Jan. 1890.

Profesie word vervul

As Sewendedagadventiste met 'n helder profetiese perspektief, kan ons sien dat die tweede koms van Christus vinnig naderkom! Ons kan onmiddellik besef dat Mattheüs 24 en Openbaring 13 besig is om nou vervul te word. Die wêreld is in wanorde. Niemand kan die onoorkombare probleme wat lande en bevolkingsgroepe in die gesig staar, oplos nie. Onrus, moord en valsheid is oral rondom ons. Dit is nie moeilik om jou voor te stel **mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom.** - Luk. 21:26.

Sosiale tendense gaan voort om Bybelse waarhede en hemelse beginsels te bespot. Vir diegene wat noukeurig huidige ekumeniese tendense waarneem, is daar verbasende verwysings na die vervulling van Openbaring 13:3.

Tot getrouheid geroep

God roep Sy oorblyfsel volk oral om aan Hom getrou te wees deur ons verbinding en kameraadskap met Hom elke dag. Dit is slegs deur verbinding aan die Wingerd dat ons vrugbaar [vrugtedraend] en getrou kan wees in hierdie tyd van ontrouheid.

Ons word tot getrouheid geroep - getrouheid aan Christus, aan Sy Heilige Woord; aan Sy kerk en die profetiese beweging; aan Sy Bybelse plan vir die familie; aan Sy heiligdom boodskap; aan openbare en persoonlike getuienis vir Hom; om te glo in en die gebruik van die Gees van Profesie; aan die verkondiging van Sy drie engele se boodskappe; aan Christelike rentmeesterskap; om 'n Christelike lewe te leef; aan Christelike humanitêre diens; en om die belofte van Christus se spoedige wederkoms met andere te deel. Hy is ons rolmodel en ons Verlosser. Deur Christus se geregtigheid en genade kan ons getrou wees, omdat Hy getrou is.

Wat 'n voorreg om onself in die hande te plaas van Een wat getrou is, wetende dat wat ook al mag gebeur, God is getrou en regverdig. Wat ons ook al in die gesig mag staar, kan ons op God se getrouheid staatmaak om ons uiteindelik tuis te bring in Sy ewige koninkryk wanneer Hy weer kom.

Julle getrouheid is noodsaaklik om God aan die wêreld te verkondig. As gevolg van Sy getrouheid, het hy volgelingen wat getrou is. Salomo verklaar dat '**n betroubare boodskapper** [ambassadeur] is '**n gerusstelling** [bring gesondheid]. - Spr. 13:17. Wees 'n ambassadeur vir Christus soos jy fisieke, sosiale en geestelike gesondheid aan andere bring. Deel Christus se geregtigheid en Sy omvattende gesondheidsbediening soos julle betrokke raak in Sy planne vir sending na die stede en elke plek op aarde. God beloof dat '**n betroubare man is ryk aan seëninge**. - Spr. 28:20.

Nehemia se voorbeeld

En van die aangrypendste voorbeelde van getrouheid is die van Nehemia, 'n getroue man van God wat in die paleis van die Persiese koning 'n dienskneg was. Nehemia 1:4 verhaal dat toe Nehemia van die afgebreekte muur van Jerusalem gehoor het, het hy **gesit en ween** - Nehemia 1:4. Hy het toe sy pleitende hart tot God in gebed gekeer.

Soos jy uitdagings in die gesig staar, wees in vurige gebed. Pleit by die Here vir die laat reën van die Heilige Gees, sodat ons figuurlik God se muur vandag met Heilige Gees krag kan herstel.

Nehemia het toestemming ontvang om na Jerusalem terug te keer om die muur te herbou. Drie dae nadat hy gearriveer het, het Nehemia die Joodse volk uitgedaag: **Kom, laat ons die muur van Jerusalem opbou, dat ons nie langer 'n voorwerp van smaad kan wees nie.** - Neh. 2:17. Hulle reaksie was: **Ons sal ons klaarmaak en bou** (vers 18).

Pas op vir sinikusse

Pas op vir die siniese mense van vandag, wat vir Sanbállat, Tobia en Gésem verteenwoordig wat vir Nehemia gelag en hom verag het. Skep moed by God en verenig met Nehemia deur te sê: **Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, Sy dienaars, gaan bou.** - Neh. 2:20. Die bouwerk het vinnig gevorder, omdat **die volk was met hulle hart in die werk.** - Neh. 4:6,

Toe die vyande van God van hierdie vordering gehoor het, het hulle planne gesmee om aan te val. Nehemia het by die Here in gebed gepleit en toe die mense in posisie geplaas en gesê: **Julle moet nie bang wees vir hulle nie; dink aan die grote en gedugte Here en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vroue en julle huise** (vers 14). Hulle het die taak van verdedig en bou verdeel, sodat almal deelgeneem het. **Van die bouers aan die muur het die lasdraers hulle werk so gedoen dat hulle met die**

een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou (vers 17).

In julle getrouheid aan God, doen met die een hand die werk van God en in die ander hou die Woord van God, julle wapen met hemelse gesag. Steun volkome op die Here in julle getroue diens en sê saam met diegene wat op die muur van Jerusalem werk: **Onse God sal vir ons stry** (vers 20). Laat ons in daardie selfde gees werk met een gesindheid van getrouheid aan God se versoek dat ons die drie engele se boodskappe moet verkondig.

'n Spesiale werk

In 'n spesiale betekenis is aan Sewendedagadventiste 'n werk van die ernstigste belangrikheid gegee - die verkondiging van die eerste, tweede en derde engele se boodskappe. Daar is geen ander belangriker werk nie. Hulle moet niks anders toelaat om hulle aandag in beslag te neem nie.- Ellen White: *Testimonies to the Church*, vol. 9, p. 19.

Sanbállat, Tobia en Gésem het nie opgegee nie. Pas op vir hulle wat probeer om jou vir jou groot taak as 'n Sewendedagadventis te ontmoedig net voor Christus se wederkoms. Vra God om jou hande te sterk en doen Sy groot werk in getrouheid aan Hom. God sal jou getrouheid beloon soos Hy Nehemia s'n beloon het. **En die muur is voltooi..... En toe al ons vyande dit hoor..... hulle erken dat hierdie werk deur onse God gedoen is.** - Neh. 4:15,16.

Wanneer God Sy magtige hand in jou werk van getrouheid toon, gee Hom al die heerlikheid en mense sal sien dat Hy deur jou aan die werk is. "Soos Nehemia moet God se volk hulle vyande nòg vrees nòg verag. Deur hulle vertroue in God te stel, moet hulle standvastig vorentoe gaan. Sy werk met onselfsugtigheid doen en die saak waarvoor hulle staan aan Sy voorsiening toevertrou."- Ellen White: *Prophets and Kings*, p. 645.

Staan stewig vir God se waarheid en verkondig Sy Woord soos Nehemia en 'n menigte ander gedoen het. Jy is belangrik en kritiek vir die laaste verkondiging van die drie engele se boodskappe. God maak op jou staat.

8.Ted N.C. Wilson in *Adventist World*, August 2015.

9. *GETROU AAN ONS SENDINGOPDRAG Beantwoord die roepstem*



*J*esus Christus is ons rolmodel en Verlosser. Deur Sy geregtigheid en genade kan ons getrou wees, omdat Hy getrou is.

Prys die Here dat Hy ons geroep het om 'n volk te wees, 'n kerk, met 'n sendingopdrag. En wat 'n wonderlike sendingopdrag is dit nie, 'n sendingopdrag om hoop en genesing aan 'n sterwende wêreld te bring, 'n

sendingopdrag om die Drie Engele se Boodskappe te verkondig, 'n sendingopdrag om die wonderlike nuus van Christus se spoedige wederkoms te verkondig.

Hierdie goddelik-bepaalde sendingopdrag is die rede hoekom die Sewendedagadventiste Kerk bestaan en dit is 'n roepstem wat aan elkeen gerig is - vroue en manne, jongmense, kinders - ongeag ouderdom of geslag.

Sendingopdrag en Geloofsoortuiging

Ons unieke, Godgegewe sendingopdrag spruit voort uit Openbaring 14:6-12 - die Drie Engele se Boodskappe - God se belangrike boodskappe vir hierdie laaste dae van die aarde se geskiedenis.

Sommige mense mag sê hierdie boodskappe is polities nie korrek nie en nie raadsaam of gewens om verkondig te word nie. Maar ek sê vir julle dat die Drie Engele se Boodskappe die allerbelangrikste boodskappe is om te verkondig. Hulle is ons geloofsoortuiging en sendingopdrag en die rede vir God se wonderlike oorblyfselkerk. Sewendedagadventiste se geloofsoortuiging en sendingopdrag is onsekeibaar.

Elkeen word benodig

Om die meer as 7 biljoen mense in die wêreld vir Christus te bereik en die belangrike waarhede soos in Sy Woord geopenbaar te versprei, word elke Sewendedagadventis opgeroep om 'n belangrike aandeel aan God se finale sendingopdrag van barmhartigheid aan hierdie donker wêreld te hê.

Daar word vir ons gesê: "Die lig wat God aan Sy volk gegee het, moet nie toegesluit word binne die kerke wat alreeds die waarheid weet nie. Dit moet in die duister plekke van die aarde versprei word. Diegene wat in die lig wandel soos Christus in die lig is, sal met die Verlosser saamwerk om aan andere te openbaar wat Hy aan hulle geopenbaar het..... In die wêreld vandag is mans en vrouens vasgevang in die soeke na wêreldse gewin en wêreldse plesier. Daar is duisende der duisende wat geen tyd of aandag aan

die verlossing van die siel gee nie. Die tyd het aangebreek dat die boodskap van Christus se spoedige wederkoms dwarsoor die wêreld moet weerklink. Onmiskenbare bewyse dui op die nabyheid van die einde."- Ellen White: *Testimonies for the Church*, vol. 9, pp. 24,25.

Hierdie werk is nie slegs vir geordende leraars nie, maar vir elkeen wat die waarheid ken en glo. Ons word geroep om saam te werk om hierdie belangrike sendingopdrag te verwesenlik. Leke lidmate is uiters belangrik om die waarheid vir hierdie tyd uit te dra.

In julle werkplekke, in sosiale verkeer, in julle daaglikse aktiwiteite, openbaar die aantreklikheid en aantrekkingskrag van Christus en andere sal aangetrek word om die bron van julle vrede en blydschap te wete te kom. Wees gewillig om die hoop wat in julle is te deel; die hoop van Jesus se spoedige wederkoms.

Ons moet onthou dat die vermoë om hierdie werk te voltooi nie in menslike hande of programme of beleidspunte is nie. Die krag en waarheid wat verkondig word, word in die Woord van God, in die Gees van Profesie, in ernstige gebed en in die Heilige Gees gevind. **Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die Leërskaer.** - Sag. 4:6.

Ons Bybelse boodskap verenig ons as 'n wêreldwye volk en beskerm ons daarteen om ons van die samelewing en van mekaar te isoleer.

Mense van die Boek

Ons leef in 'n tyd wanneer baie mense nie die duidelike en suiwer Woord van God wil hoor nie. Hulle wil slegs dit hoor wat vir hulle goed klink. Lidmate, verkondig die Woord tydig en ontydig. Leef asof die Here binnekort kom, omdat dit so is.

Ons moet volkome op die Here en Sy kosbare Woord vertrou. Ons moet die opvatting en besef versterk dat ons "mense van die Boek" is, die kosbare Woord van God met die duidelike, verklarende insig aanvaar dat ons die histories-bybelse benadering volg om hierdie boodskappe te interpreteer.

Ons aanvaar nie die histories-kritiese metode, wat menslike interpretasie bo die Bybel wat homself verklaar, stel nie.

As kenners van die geskiedenis glo ons dat die Bybel Bybelse profesie verklaar met die besef dat die rigtingwysers van die geskiedenis en die vervulling van profesie duidelik aangetoon word en die geskiedenis deurtrek. Ons staan op die vaste Woord van profesie.

Ons aanvaar ook ten volle die wonderlike raadgevinge wat aan ons deur die skrywes van Ellen White gegee word. Die Heilige Woord en die Gees van Profesie stel ons in staat om ons groot werk in die aankondiging van Christus se wederkoms te voltooi.

Ambassadeurs vir Christus

Soos leraars en lidmate hand aan hand werk, laat ons hierdie hemelse boodskap op elke moontlike manier meedeel; deur klein groepe, persoonlike getuienis, openbare evangelisasie, publikasies, sosiale media en menige ander wyses, insluitende deur die effektiewe, omvattende gesondheidsbediening. Laat ons mense vir Christus se spoedige koms voorberei deur te doen wat God gevra het en elkeen van ons toegerus het om te doen.

'n Verbasende belofte word in *Christ's Object Lessons* gevind: "Dit is die voorreg van elke siel om 'n lewende kanaal te wees waardeur God die rykdom van Sy genade, die onnaspeurlike rykdom van Christus aan die wêreld kan oordra. Daar is niks wat Christus soveel begeer as verteenwoordigers wat Sy Gees en karakter aan die wêreld sal voorhou nie. Daar is niks wat die wêreld soveel nodig het as die openbaring van die Heiland se liefde deur middel van die mens nie. Die ganse hemel wag op kanale waardeur die heilige olie gegiet kan word om 'n vreugde en 'n seën vir menseharte te wees" (p.419).

Uitdagende tye voor

Namate die konflik tussen waarheid en dwaalleer vererger en verdiep, sal 'n skudding in God se Kerk plaasvind. Ellen White voorspel: "Soos die storm nader, sal 'n groot groep, wat geloof in die derde engel se boodskap bely het, maar wat nie deur gehoorsaamheid aan die waarheid geheilig is nie, van standpunt verander en by die geledere van die opposisie aansluit. Deur met die wêreld te verenig en aan sy gees deel te hê, sal hulle sake in bykans dieselfde lig beskou en wanneer die toets kom, is hulle bereid om die maklike, populêre kant te kies..... Hulle word die grootste vyande van hulle voormalige broeders."- *The Great Controversy*, p. 608.

Diegene wat aan hulle Verlosser vashou en weier om die waarhede van die Drie Engele se Boodskappe prys te gee, besef hulle moet hulle plig nakom in die aanbieding van hierdie boodskappe en die gevolge in God se hande laat. "Diensknegte van God, met hulle gesigte stralende van heilige toewyding sal hulle van plek tot plek haas om die boodskap van die hemel te verkondig..... Wonderwerke sal verrig word, siekes sal genees word en daar sal tekens en wonders wees..... Op hierdie manier sal die bewoners van die aarde beweeg word om kant te kies. Die boodskap sal verkondig word, nie soseer deur argumente nie, as deur 'n diepe oortuiging van die Gees van God..... Nou sal die ligstrale orals deurdring en die waarheid sal in sy helderheid gesien word en die opregte kinders van God sal die bande verbreek wat hulle vashou. Ten spyte van die magte wat teen die waarheid verenig is, sal 'n groot getal hulle aan die kant van die Here skaar."- *The Great Controversy*, p. 612.

My broeders en susters, hierdie is die opwindende toekoms waarvoor ek en jy bemagtig en toegerus is om God se groot werk af te handel soos ons hierdie kragtige boodskappe verkondig. Slegs deur volkome op Jesus en die krag van die Heilige Gees te steun, sal ons in staat wees om enigiets te vermag. God is besig om ons vir iets buitengewoons voor te berei: die uitstorting van die laat reëns van die Heilige Gees.

Sendingopdrag-gesinde medegelowiges, die ganse hemel wag. Is ons gereed om die hemel se roepstem te beantwoord? Is ons gewillig om ons geheel en al aan die Here toe te wy en Hom toelaat om deur ons te werk om verlore nes te bereik?

Jesus kom binnekort!!

9.Ted N.C. Wilson: *Adventist World*, August 2015. pp. 8-9.

10. *LAAT JULLE HART NIE ONTSTEL*

WORD NIE. – Joh. 14:1

Alle ware opregtheid kom uit die hart. Christus se werke het uit Sy hart gekom. En as ons instem, sal Hy Hom so met ons gedagtes en strewe vereenselwig, ons hart en gees so met Sy wil laat saamsmelt, dat ons, as ons Hom gehoorsaam, maar net ons eie impulse sal uitvoer. Die wil, gelouter en geheilig, sal sy hoogste behae in Sy diens vind. As ons God ken soos dit ons voorreg is om Hom te ken, sal ons lewe een van voortdurende gehoorsaamheid wees. Deur 'n begrip van die karakter van Christus, deur kameraadskap met God, sal die sonde vir ons verwerplik word.

Soos Christus die wet as mens uitgeleef het, so kan ons as ons aan die Sterke vaskleef om krag. Maar ons moet nie ons verantwoordelikheid op ander aflaai en wag dat hulle ons moet sê wat om te doen nie. Ons kan ons nie op mense verlaat vir raad nie. Die Here is net so bereid om ons pligte vir ons aan te dui as wat Hy iemand anders sal wys. As ons in die geloof na Hom kom, sal Hy Sy geheime persoonlik aan ons bekend maak. Ons harte sal dikwels in ons brand as Hy tot ons nader om met ons kameraadskap te hou soos Hy met Henog gehou het. Wie besluit om hoegenaamd niks te doen wat God sal mishaag nie, sal weet, nadat hulle hul saak aan Hom gestel het, watter rigting hulle moet inslaan. En hulle sal nie net wysheid

ontvang nie, maar krag. Krag om te gehoorsaam, om te dien, sal aan hulle gegee word soos Christus belowe het. Wat ook al aan Christus gegee is - die "alle dinge" om te voorsien in die behoefte van die gevalle mensdom - is aan Hom as die hoof en verteenwoordiger van die mensdom gegee. **En wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy geboorte bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.** - 1 Joh. 3:22.

10. Ellen G. White: *Koning van die Eeue*, p. 289.

11. PRISCILLA EN AQUILA

Groet Priscilla en Aquila, my medewerkers in Christus Jesus, wat vir my hulle lewe gewaag het; nie ek alleen dank hulle nie, maar ook al die gemeentes van die heidene. - Romeine 16:3,4.

Paulus het 'n voorbeeld gestel teen die mening wat destyds in die kerk veld gewen het, dat alleenlik diegene wat geheel en al van die noodsaaklikheid om te werk vrygestel was om die evangelie met welslae te kan verkondig. Hy het op 'n praktiese wyse getoon wat toegewyde leke op baie plekke kon doen waar die mense onbekend was met die waarhede van die evangelie. Sy handelwyse het talle nederige arbeiders met die begeerte besiel om te doen wat hulle kon om die saak van God te bevorder, terwyl hulle hulself terselfdertyd deur hulle eie handewerk onderhou het. Aquila en Priscilla is nie geroep om al hulle tyd aan die diens van die evangeliebediening te wy nie, nogtans is daardie nederige arbeiders deur God gebruik om die weg van die waarheid volledig aan Apollos te toon. Die Here gebruik verskeie werkmodes om Sy planne te volvoer, en terwyl sommige wat besonder begaafd is, gekies word om al hulle kragte in te span om in die evangelie te onderrig en dit te verkondig, word talle ander, wat nooit deur die oplegging van mensehande ingeseën was nie, geroep om 'n belangrike rol in die redding van siele te speel.

Daar lê vir die selfversorgende evangeliewerker 'n groot veld oop. Talle doen waardevolle ondervinding op, terwyl hulle deelyds hande arbeid verrig, en op hierdie wyse kan kragtige werkers vir diens in behoeftige velde opgelei word.

Die selfverloënde dienaar van God wat onvermoeid in woord en leer arbeid, dra 'n swaar las op sy hart. Hy meet sy werk nie in ure nie. Sy loon het geen invloed op sy arbeid nie en hy laat hom ook nie weens ongunstige toestande van sy plig weglei nie. Hy het sy opdrag uit die hemel ontvang en hy verwag sy beloning van die hemel wanneer die werk wat aan hom toevertrou is, klaar is. – *Die Handeling van die Apostels*, pp. 355,356.

11. *Geneem uit Ye Shall Receive Power.* – Ellen White, p. 282.

12. SOLDAT VIR CHRISTUS

Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die Woord van God. – Efesiërs 6:13-17.

Soldate in 'n geveg betrokke moet moeilikhede en swaarkry tegemoetgaan. Growwe voedsel word aan hulle gegee en dit dikwels in beperkte hoeveelhede. Hulle moet ver marsjeer, dag na dag, oor ruwe paaie en onder die skroeiende son, kampeer gedurende die nag, slaap op die harde grond met slegs die koepel van die hemel as beskutting, blootgestel aan stortbuie reën en koue nagte, honger, flou word, uitgeput en staan as 'n teiken vir die vyand in dodelike skermutseling. So leer hulle wat swaarkry beteken. Van

hulle wat in Christus se weermag aansluit, word ook verwag om moeilike werk te doen en om moeilike beproewinge geduldig vir Christus se saak te verduur. Maar hulle wat met Hom ly, sal ook saam met Hom regeer.

Wie van ons dan het die diensplig aanvaar om die geriewe van die lewe te verwag, om van diens te wees soos ons wil, die soldaat se wapenrusting uittrek en die siviele klere aantrek, slaap op die wagpos en so die saak van die Here aan oneer en skande blootstel? Diegene wat gemak en gerief liefhet, sal nie selfverloëning en geduldige volharding beoefen nie en wanneer mense benodig word om kragtige houes vir God te slaan, is hulle nie gereed om te antwoord, "Hier is ek, stuur my!" nie. Harde en uitputtende werk moet gedoen word, maar geseënd is hulle wat gereed is om dit te doen wanneer hulle name uitgeroep word. God sal nie mans en vrouens in die toekomstige wêreld beloon, omdat hulle gemaklik en gerieflik in hierdie een wou wees nie.

Ons is nou op die slagveld. Daar is geen tyd vir rus, geen tyd vir gemak, geen tyd vir gemaksug nie. Nadat een oorwinning behaal is, moet jy die stryd verder voer; jy moet seëvierend voortgaan om te oorwin, nuwe krag vir nuwe probleme kry. Deur Goddelike krag sal jy bewys dat jy meer as 'n gelyke vir jou vyand is. - *Signs of the Times*, 7 Sept. 1891.

12. Geneem uit *Ye Shall Receive Power*. - Ellen White, p. 345.

13. *DIE ERFENIS VAN DIE HEILIGES*

Die beloning van die wenner van siele

Wanneer die verlostes voor God staan, sal kosbare siele reageer op hulle name wat daar is as gevolg van die getroue, geduldige pogings ter wille van hulle aangewend, die dringende versoeke en ernstige oorredings om na die Vesting te vlug. Sodoende sal diegene wat in hierdie

wêreld arbeiders saam met God was hulle beloning ontvang. - *Testimonies for the Church*, vol. 8 , pp. 196, 197 (1904).

Wanneer die poorte van daardie pragtige stad in die hoogte op hulle glinsterende skarniere oopgeswaai word en die nasies wat die geloof bewaar het, sal binnekom, sal krone van heerlikheid op hulle hoofde geplaas word en hulle sal eer en heerlikheid en majesteit aan God toeskryf. Teen daardie tyd sal sommige na jou toe kom en sê: "As dit nie was vir die woorde wat jy in vriendelikheid tot my gespreek het nie, as dit nie vir jou tranen en smeking en ernstige pogings was nie, sou ek nooit die Koning in Sy prag gesien het nie." Wat 'n beloning is hierdie! Hoe onbelangrik is die lof van mense in hierdie aardse, kortstondige lewe in vergelyking met die ewige belonings wat op die getroue in die toekoms wag - onsterflike lewe! - *Words of Encouragement to Self-supporting Workers* (Ph 113) 16 (1909).

Ons gesindhede onveranderd

As jy 'n heilige in die hemel sou wil wees, moet jy eerstens 'n heilige op aarde wees. Die karaktertrekke wat jy in jou lewe koester, sal nie deur die dood of deur die opstanding verander word nie. Jy sal uit die graf kom met dieselfde gesindheid/geaardheid wat jy in jou huis of in die gemeenskap geopenbaar het. Jesus verander nie die karakter by Sy koms nie. Die werk van verandering moet nou gedoen word. Ons daaglikse lewens bepaal ons bestemming. Karaktergebreke moet bely en oorwin word deur die genade van Christus en 'n goedgebalanseerde karakter moet gevorm word, terwyl in hierdie proeftyd-toestand, sodat ons vir die herehuise daarbo geskik kan wees. - *Manuscript Releases*, vol. 13, p. 82 (1891).

Die voltooiing van elke edele daad

Almal wat met 'n onselfsugtige gees gewerk het, sal die vrug van hulle arbeid aanskou. Die voltooiing van elke regte beginsel en edele daad sal gesien word. Iets daarvan sien ons hier. Maar hoe min van die resultaat van hierdie edelste werk word in hierdie lewe aan die dader geopenbaar! Hoe baie

swoeg onselfsugtig en onvermoeid vir diegene wat buite hulle bereik en wete by hulle verbygaan! Ouers en onderwysers gaan rus in hulle laaste slaap, hulle lewenstaak skynbaar tevergeefs; hulle weet nie dat hulle getrouheid onverseëlde fonteine van seën het wat nooit kan ophou vloei nie; slegs deur geloof sien hulle dat die kinders wat hulle opgevoed het 'n seën word en 'n inspirasie vir hulle medemens en die invloed herhaal homself duisendvoudig.

Baie werkers stuur boodskappe van sterkte en hoop en moed die wêreld in, woorde wat seën na elke hart in elke land dra, maar van die resultate van sy vermoeiende, eensame werk weet hy min. So is talente geskenk, laste gedra en werk afgehandel. Die mens saai die saad waarvan andere na hulle dood geseënde oeste insamel. Hulle plant bome, sodat andere die vrugte kan eet. Hulle is tevrede hier om te weet dat hulle dinge vir die goeie in werking gestel het. In die hiernamaals sal die aksie en reaksie van al hierdie dinge sigbaar wees. - *Education*, pp. 305, 306 (1903).

LAAT JULLE LIG SO SKYN...



*Dit is nag. Rondom woed die winde en storms en gevare.
'n Afgedwaalde drooster, 'n verlore sondaar struikel,
val in die slote.*

*Dan, skielik, 'n liggie wat helder flikker..... 'n dowwe paadjie,
'n liggie in die verte.*

*Hy strompel voort..... iets trek hom vinniger verder
stilte vreugdestemme... asem hyg hart bons oë brand.
Helderverlig van liefde en genade en vrede;
hoop en lewe - sy Vader se huis hy is tuis.*

*Op sy knieë, in vodde en vuil: Dankie, Vader, vir iemand se helder
flikkerende liggie.*

*Here, maak my getrou en opreg tot die einde!
Die Heilige Gees se olie en U sterke hande
laat my liggie helder flikker tot sy einde. Tot U eer en verheerliking uit
genade, alles net genade.*

H. Koen